

**GELOOFWAARDIGHEID AS EPIESE BEGINSEL IN DIE
PROSA VAN EUGÈNE N. MARAIS**

**Verhandeling ingelewer deur M.J. Prins ter
verkryging van die graad M.A. aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
Studieleier: Prof. T.T. Cloete**

Januarie 1973

INHOUDSOPGAWE

<u>HOOFSTUK</u>		<u>BLADSY</u>
1.	SONDERLINGE EN ONGEWONE GEBEURE	1
2.	SONDERLINGE GEBEURE EN SONDERLINGE KARAKTERS	7
3.	DIE SONDERLINGE GEBEURE AS DRAMA	13
4.	DIE „EERLIKE" VERTELLER	18
5.	DIE NUGTER VERTELLER	23
6.	DIE INTELLIGENTE VERTELLER	28
7.	DIE VERTELLER AS OOR- EN OOGGETUIE	33
8.	DIE VERTELLER EN DIE „GELEERDE" OF „VREEMDE" WOORD EN ERUDISIE AS GE- LOOFWAARDIGE ELEMENT	38
9.	DIE NUGTER GETUIE	44
10.	DIE INTELLIGENTE GETUIE	49
11.	DIE TEGNIEK VAN KONTRASTERING	54
12.	FIKSIE AS GESKIEDENIS	60
	<u>BIBLIOGRAFIE</u>	66
	<u>SAMEVATTING</u>	
	<u>SUMMARY</u>	

1. SONDERLINGE EN ONGEWONE GEBEURE

Daar is in Marais se prosakuns 'n opvallende strewe na geloofwaardigheid – soms selfs alte opvallend. Die rede hiervoor is o.a. geleë in die sonderlinge gebeure waaroor hy dit gewoonlik in sy prosawerk het. Prof. Dekker verklaar na aanleiding van „Die huis van die vier winde”: „Marais slaag daarin om die ongewone van die gebeurtenisse en van sy tipes aanneemlik te maak ...” (Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, bl. 120).

Dit gaan inderdaad in Marais se prosawerk om ongewone gebeurtenisse. In 'n verhaal soos „Die wegraak van Sannie” is hierdie ongewone nog nie so sterk aanwesig nie – hoewel die gegewe van 'n meisie, wat besluit om haar vader te dwing om toe te stem tot haar huwelik met 'n bepaalde jongman deur te „verdwyn”, allesbehalwe doodgewoon is – soos veral ook die „boodskappe” wat sy aan haar geliefde stuur.

In die „Dwaalstories” speel die bonatuurlike element 'n groot rol. In „Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil” voer Riet 'n vergeefse stryd teen die „sterk toorgoed” (bl. 10) van Nagali, die townenares. En in „Die lied van die reën” gaan dit juis om die magiese beswering van die droogte as 'n bose natuurmag. In „Die vaal koestertjie” word Nampti snags 'n leeu nadat sy die baardhaar van 'n dooie leeu onder die vel van haar arm gedruk het. En in „Die reënbul” „verdwyn” Nampti om haar oë oop te maak in 'n soort hier-namaals: „... 'n groot werf met nuwe strooihuise soos van 'n bruidegom. En daar brand 'n vuur, en sy siet die bokke in die skerms, en alles volop. En by die groot vuur staat die jagter met die lang boog, en hy roep haar soos die bruidegom die bruid roep” (bl. 32). Dit is of daar hier iets deurklink van die Hooglied – simboliek van die Bybel.

Ons het dus in die „Dwaalstories” met heel ongewone gebeure te doen.

W. S. H. du Randt het in sy Monografie oor Eugène Marais as prosaïs aangetoon dat ook Burgers van die Berge tot Marais se „vertelkuns” gereken kan word (Monografieë, bl. 6 e.v.). Trouens, die skrywer self het daarna as „verhaaltjies” verwys. (vgl. „Voorwoord” – Burgers van die Berge).

Ook in hierdie werk gaan dit opvallend dikwels oor sonderlinge gebeure. Trouens, 'n mens kry die indruk dat dit juis Marais se voorliefde vir sonderlinge gebeure is wat daartoe gelei het dat hierdie werk nie 'n objektief-wetenskaplike geskrif gebly het nie.

Dit is opvallend hoe dikwels 'n woord soos „verbasend” in Burgers van die Berge voorkom. So lees ons byvoorbeeld op bl. 25: „In hierdie opsig is die klein bobbejaantjie verbasend ‚menslik’ ... ”; bl. 32 : „Vir die eerste keer het ons toe met die verbasende gesigsvermoë van die bobbejaan kennis gemaak ... ”; bl. 33: „Dit was ons eerste kennismaking met die verbasende menslikheid van hulle verstand... ”; bl. 35: „... die mantel van onsigbaarheid wat die tier skyn te besit, dryf selfs die spot met sy verbasende gesigsvermoë. ”; bl. 38: „Dit het al ons besoekers altyd verbaas ... ”; bl. 42: „Hulle gedrag in hierdie geval het ons verbaas. ”; bl. 47: „Sodra ons die indiuidue van ons trop leer ken het, het ons opgemerk dat 'n verbasende onderskeid in karakter tussen enkelinge bestaan. ”; bl. 51: „... en tog het die bobbejane op verbasende wyse van die krans gebruik gemaak”; bl. 54: „Vir haar grootte en ontwikkeling was sy egter verbasend slim... ”, ens., ens. Reeds deur die herhaalde gebruik van hierdie woord word aangedui hoe dikwels dit vir die verteller om die ongewone, die uitsonderlike, gaan. Ook ander (verwante) woorde staan hiermee in verband. Ek verwys na woorde soos : „merkwaardig” (bl. 22 e. a. p.); „wonderlik(e)” (bl. 27 e. a. p.); „wonderwerk” (bl. 29); „buitengewoon” (bl. 31); „skouspel” (bl. 52 e. a. p.); „verwonder” (bl. 55 e. a. p.); „sonderling” (bl. 56 e. a. p.), ens.

In sy bespreking van Die huis van die vier winde en Die leeu van Magoeba het P. C. Schoonees in 1937 reeds verwys na „die uitsonderlikheid van sy verhaalmotiewe” (Eugène Marais, die groot eensame, bl. 80).

Die gebeure waaruit die verhale in Die huis van die vier winde opgebou is, is inderdaad uitsonderlik. In die titelverhaal het ons die „spookverskyning” van die vermoorde Koos Botha op 'n stormagtige nag. „Isaak Slyk” herinner enigsins aan „Die wegraak van Sannie”, wat ou Skottelgoed se geheim-sinnige boodskap betref. „Die spookbul van Farellone” handel oor die uiters onkonvensionele wyse waarop Charles du Plessis poog om Armand om die lewe

te bring: deur gebruik te maak van die soort wip waarmee inboorlinge wild vang. „Salas y Gomez" handel oor die ongewone motief van 'n man wat vyf maande moes deurbring op „'n vloer so klein dat dit moeilik was om die minste beweging te maak sonder 'n sekere mate van gevaar" (bl. 93). „Jonkheer van der Made tot Zevenster" vertel hoe „klein Douwtjie" die hulp van 'n „wonderbul" (bl. 127) „ingeroep" het om hom te beskerm teen die wreedheid van sy stiefvader. In „Die vliegende Hollander" ontmoet ons vir Petrus van der Byl wat hom verbeel dat hy „stemme" hoor wat sy ondergang beplan en wat ook op aandrang van die „stemme" die strand besoek en drie maal „Die Vliegende Hollander" daar „sien" (bl. 193).

Dit is dus opvallend hoe dikwels dit in Die huis van die vier winde gaan om die buitengewone, dikwels die inderdaad bonatuurlike.

Dit is dan opvallend dat ons ook in hierdie werk telkens woorde aantref van die tipe wat ons in Burgers van die berge feitlik as temawoorde leer ken het. So tref ons byvoorbeeld in die titelverhaal begrippe aan soos „verbasende", „beroemde", „wonderlike", „eienaardige", „geweldig(e)", „snaakse", „merkwaardig", „eienaardigheid", „wonders", ens. Ook in „Isaak Slyk" word gepraat van die „merkwaardige, die onuitlegbare rol" wat ou Skottelgoed in die gebeure op Gannapan gespeel het (bl. 24); van die „verbasende stelsel van redenering" waardeur Oreade Hansen die verklaring vir die naam Isaak Slyk ontdek het (bl. 25); van die „bonatuurlike gewaarwording wat vroue dikwels het" (bl. 30) en van „die merkwaardigste feit van alles" (bl. 32). „Die spookbul van Farellone" suggereer deur sy titel reeds iets bonatuurliks. Ook in hierdie verhaal word die gebeure deur die verteller self as „sonderling" getipeer: „Dit was ongeveer ses maande na die aanvaarding van ons kommunistiese huishouding dat ons 'n voorval deurleef het wat ek beskou as die sonderlingste avontuurlike gebeurtenis wat ek gedurende my hele lewe deurgemaak het" (bl. 34). En in „Salas y Gornez" het ons ook hierdie „openhartigheid" omtrent die uitsonderlikheid van die gebeure: „En toe begin oom Hendrik my die storie vertel – die wonderlikste storie van 'n werklike gebeurtenis wat ek ooit in my lewe gehoor het" (bl. 76).

Hierdie openhartige erkennings deur die verteller dra natuurlik daartoe by om die gebeure meer geloofwaardig te maak – soos ons later sal aantoon.

Iets daarvan het ons ook in „Jonkheer van der Made tot Zevenster” as daar staan: „Dit was hier aan tafel dat Dirk van Breda ons die eenaardige storie vertel het van die manslag wat Jonkheer van der Made tot Zevenster op Koelte gepleeg het.” (bl. 129). Ook in „Die vliegende Hollander” vind ons sulke self-tiperende uitsprake: bl. 146: „... die sonderlinge ontmoeting aan die strand...”; bl. 154: „... hieruit het sonderlinge inligting voortgespruit”; bl. 162: „... die sonderlinge gedrag sowel as die verdwyning van die jong man”; bl. 172: „... die reeks sonderlinge gebeurtenisse waarmee sy baaswording van Silwersand hom in aanraking gebring het”; bl. 189: „wat onder die vroeër wyse van rangskikking as ‚vervolgingswaansin’ bekend was, is sonder twyfel een van die wonderlikste en onverklaarbaarste kwale waardeur die menslike siel geteister word.”

’n Mens sou die woord „sonderling” ’n soort temawoord van „Die vliegende Hollander” kon noem. Behalwe in die reeds genoemde gevalle kom hierdie tiperende woord byvoorbeeld ook nog in die volgende plekke in die vertelling voor: „sonderlinge gedaante” (bl. 158); „sonderlinge kaptein” (bl. 160); weer „sonderlinge gedaante” (bl. 161); „sonderlinge gedrag” (bl. 167).

Die bonatuurlike is ook in die titelverhaal van Die leeus van Magoeba ’n element – hoewel dit op ’n ironies- speelse wyse aangewend word. Dit is die verhaal van Magoeba se vrees vir die „betowerde leeus” en hoe dit daartoe gelei het dat hy sy bruid verloor het.

Ook in „M’vubu (die seekoei)” word die uitsonderlike van die gebeure deur die verteller self aangetoon: „En so het O’Brien en Husting hulle verskyning op Dageraad gemaak, waar die noodlot bepaal het dat hulle ’n rol moes speel in die twee geheimsinnigste gebeurtenisse waarmee ek ooit in my lewe in aanraking gekom het.” (Die leeus van Magoeba, bl. 42). En as ons in „Afrikanerbeeste” lees: „Die gebeurtenisse wat van nou aan gevolg het – het Gool altyd later verklaar – het hom voorgekom as avonture wat in ’n droom geskied het” (Die leeus van Magoeba, bl. 78), is hierin geïmpliseer ’n erkenning van die uitsonderlike van die gebeure ook in hierdie verhaal. Opvallend is die woord „gebeurtenisse” wat telkens in hierdie verband voorkom. Dit dui op ’n soort bewustheid by die verteller dat hy met ’n spesifieke verhaal-

element besig is. Ook as daar in „Diep Rivier” staan: „Ons was dus vyf volwasse persone in die huis toe hierdie wonderlike drama 'n aanvang op Avonduur geneem het” (bl. 99), het ons 'n erkenning deur die verteller self van die ongewone van die gebeure in die verhaal.

Ook „Diep Rivier” wemel van woorde wat te doene het met die buitengewone. So lees ons van Juanita se „verbasende skoonheid”, van „die verbasende skoonheid van die omgewing”, van „die verbasende beeld” wat Juanita vertoon as jong „naturellevrou”; van die „verbasende skouspel” wanneer die bergskilpad op pad is na sy geliefde. Ons verneem van die „sonderlingheid” van Juanita se lewensgeskiedenis; van haar „sonderlinge karakterbou; van 'n „sonderlinge gevolg” wat Juanita se besoeke aan haar grootvader gehad het; van Juanita se „sonderlinge verdubbeling van persoonlikheid”; van die „sonderlinge rol” wat Dirk Brink in „die drama van Avonduur” gespeel het; van die „sonderlinge uitwerking” wat die toneeltjie met die bergskilpad op „die drama van Avonduur” gehad het; van die „sonderlinge karakter” met wie hulle te doen gehad het tydens die kruisverhoor van Juanita. En in die voorlaaste paragraaf word daar nogeens verwys na Juanita se „sonderlinge verdubbeling van persoonlikheid”.

Ook die woorde „wonderlik” en „merkwaardig” kom op 'n hele paar plekke in die verhaal voor.

Ook „Diep Rivier” gee dus blyke van die self-tiperende taal wat ons by vorige verhale opgemerk het.

In „Die boom in het midden van den hof” lê die verteller weer eens die erkenning van die uitsonderlikheid van die verhaalmotief by implikasie in die gedagtestroom van die hoofkarakter: „Dit is dus waar – die hele fantastiese storie van Stoffel Seebul is waar !” (Die leeus van Magoeba, bl. 168). In „Die Wit uil” lees ons van die „ontsetterende gebeurtenis” (Die leeus van Magoeba, bl. 188) wat die lewe van „Jan Hendrik van Vuuren” vergal het. Ook in hierdie verhaal val die gebruik van woorde soos „sonderling” (bv. bl. 174); „merkwaardigste” (bv. bl. 177) en „verbasende” (bv. bl. 177) op. „Die winde uit die woestyn” het as motief die optrede van die jong weduwee van Nasr ed Din wat

haar gestorwe eggenoot se graf probeer droog waai sodat sy weer kan trou. Van hierdie optrede merk die verteller ook in hierdie geval op: „Maar toe hy die volgende middag dieselfde jong dame weer die graf sien besoek en deur dieselfde sonderlinge handeling gaan, toe was sy verwondering so diep dat hy besluit om navraag te doen omtrent die onverklaarbare voorval" (Die leeus van Magoeba, bl. 202).

Dit gaan dus dikwels in Marais se oeuvre om die „sonderlinge". Daaruit kan die opvallende strewe na geloofwaardigheid verklaar word wat 'n mens by sy vertellers aantref. Die doel van hierdie studie is om die tegnieke na te spoor wat Marais aanwend om hierdie sonderlinge gebeure „'n waarheidsklimaat te gee" (Monografieë, bl. 21).

Eintlik het ons reeds aan een van hierdie tegnieke aandag gegee, t. w. die feit dat die verteller self of karakters in die vertelling dikwels die gebeure as uitsonderlik tipeer. Hierdeur word 'n reaksie van ongeloof by die leser reeds enigermate onderskep. Die verteller en/of die (ander) karakters in die vertelling staan dikwels self verbaas oor die gebeure - sodat die leser meer geneig is om hulle woord te aanvaar, ook wat die geloofwaardigheid daarvan betref.

2. SONDERLINGE GEBEURE EN SONDERLINGE KARAKTERS

Ons tref in Marais se vertellings dikwels ewe sonderlinge (ongewone, buitengewone) karakters aan. Tereg merk prof. P.D. van der Walt op: „Marais skryf nie oor boertjies en armblankes soos bv. van Bruggen nie, maar oor merkwaardige figure, dikwels skurke ... en afwykende tipes” (Uit die verhaalskat van Eugène Marais, bl. 10).

Vir hierdie gebruik van Marais is daar myns insiens 'n intrinsieke verklaring. Dit kan eweneens op rekening geplaas word van sy strewe na geloofwaardigheid. Die merkwaardige van sy verhaalstof veronderstel as't ware sulke merkwaardige figure - 'n mens sou kwalik kon glo dat sulke merkwaardige dinge met „boertjies en armblankes” kan gebeur.

Maar uitsprake en verbande in die verhale self ondersteun hierdie gedagte. Ons lees byvoorbeeld van Sannie uit „Die wegraak van Sannie” : „Sannie Rensburg, van Wegdraai, met al haar fynheid en skoonheid, met al haar alles-wat-in-'n-meisie-lieflik-is het nog baie meer gehad wat gewoonlik 'n verrassing verskaf het ... Daarby het sy 'n wakker en lewendige verstand gehad, kon lekker lag en was lief vir 'n grap. Maar bo alles was sy bekend vir haar - ons sal dit maar vasberadenheid noem” (Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie, bl. 88). Dit is duidelik dat Sannie se merkwaardige optrede later in die verhaal deur hierdie uitsprake omtrent haar karaktertrekke sterk gemotiveer en aanvaarbaar gemaak word. Die leser word deur hierdie „telling” voorberei om die latere „showing” te aanvaar. (The Rhetoric of Fiction, bl. 12 e. v.)

En van Sannie se pa lees ons dat ook hy „... 'n hele lys van bewonderenswaardige eienskappe gehad” het, maar „... die een waarvoor hy meer bepaald bekend gestaan het, was sy vasberadenheid, sy onwrikbare beslistheid...” (ibid.). Op hierdie manier word ook sý latere optrede gemotiveer.

In „Die huis van die vier winde” lê die verteller self 'n band tussen mevrou Cameron se „verbasende vreesloosheid” en die geloofwaardigheid van die latere gebeure waarin sy 'n rol speel: „Hou dié feit in geheue, want dit sal

help om die gebeurtenisse te kan beoordeel wat ons die nag in die Poort-Huis deurleef het" (Die huis van die vier winde, bl. 9). As Cameron dan op bl. 11 'n natuurlike verklaring gee vir die eienaardige geluid wat hulle hoor, laat die „vlaag van angs" in mevrou Cameron se oë ons besef (en glo) dat hier iets buitengewoons aan die gang is. Haar reaksie op oom Willem se verhaal (bl. 20) suggereer die antwoord op laasgenoemde se vraag: „Is dit moontlik dat 'n voorval van hierdie aard 'n indruk op 'n ongebore kind kan maak, en is so 'n indruk erflik?" Daardeur word die latere wetenskaplike verklaring vir die gebeure soveel geloofwaardiger gemaak.

Oreade Hansen („Isaak Slik") is eweneens 'n besondere mens; „wat verstandsvermoë betref was sy klaarblyklik buitengewoon...." (Die huis van die vier winde, bl. 23). Weer word die funksie van hierdie buitengewone karaktertrek vir die verhaal deur die verteller self aangedui as ons lees: „..... ek maak daarvan besondere melding, omdat sy ... 'n diep geheim ontleed en die sleutel gevind het" (ibid.)

Oom Charles („Die spookbul van Farellone") is veral in een opsig uitsonderlik: van sy kindsdae was hy „'n groot gunsteling by die Naturelle" (id. bl. 44). Margaret du Plessis vertel: „Die stat het sy terugkoms na sy lang verdwyning met die grootste blydschap begroet. Die ou volk het in die middel van die nag na die huis gekom en met trane sy voete omhels" (ibid.) Later verneem ons dat hy probeer het om Armand om die lewe te bring met behulp van 'n soort wip wat „... deur die hele Afrika gebruik (word) om wild mee te vang" (id. , bl. 71). In die lig van wat ons reeds verneem het omtrent sy verhouding tot die naturelle, word hierdie gegewe meer aanvaarbaar (en geloofwaardiger).

Die verbasende taatheid wat Hendrik du Preez („Salas y Gomez") as gevangene op die rotslys aan die dag lê, word vooraf goed gemotiveer: „Tesame met sy verbasende liggaamskrag was hy beroemd om 'n taatheid wat in sommige verhale die grense van geloof oorskry het ..." (Die huis van die vier winde, bl. 74). Let daarop hoedat die latere werklike oorskryding van „die grense van geloof" in die verhaal hier voorberei en aanvaarbaar

gemaak word. As ons op bl. 77 meegedeel word: „By Hendrik du Preez was alle hartstogte geneig om buitensporig te wees", word ons subtiel voorberei op sy latere „buitensporig" hartstogtelike optrede op die rotslys („Wild en vervaard slaan hy met sy vuiste teen die krans totdat die rots met bloed bevlek is ..., ens., bl. 116), asook op die slotgebeure in die verhaal (...hy gaan Willem Prinsloo teen die agterwiel van die wa doodgooi !", bl. 124).

In „Jonkheer van der Made tot Zevenster" is die gelyknamige bul die merkwaardigste „karakter" („... die beroemde jong bul ... wat reeds wêreldberoemdheid verwerf het ...": Die huis van die vier winde, bl. 126). Hy doen die merkwaardige ding om klein Douwe se lewe te red.

Dit is opvallend dat Marais dikwels woorde soos „merkwaardig", „wonderlike", „eienaardig" of „sonderling" gebruik in uitsprake omtrent sy karakters, - ook in verband met die verhaalgebeure, soos reeds aangetoon. Daar staan bv. in die eerste sin van „Die vliegende Hollander" (Die huis van die vier winde, bl. 133): „Professor Paul de Ridder was 'n Afrikaner wat 'n eienaardige¹⁾ lewensloop gehad het 'en 'n paar paragrawe verder: „Dit is onnodig om sy merkwaardige loopbaan in die vreemde na te gaan" (id., bl. 134). Die eienaardige en merkwaardige dinge wat De Ridder later in die verhaal ondervind, word aldus in 'n sekere sin minder merkwaardig (dus meer aanvaarbaar) gemaak.

Die merkwaardige in „Die leeus van Magoeba" is geleë in die feit dat Maraledi van die kaptein wegvlug en „.... (ongelooflike woord!) saam met haar is die kampvegter van Magoeba, die jong Mogali-di-Tao !" (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 30). Weer word hierdie merkwaardige ding gedoen deur ewe merkwaardige mense. Op bl. 15 staan daar: „Maraledi was 'n wonderlike vroumens". En dat Mogali-di-Tao inderdaad 'n byna boordse wese is, word subtiel aangedui as ons meegedeel word dat „.... sy voetval ... so sag voortgaan dat dit nouliks skyn of sy voete die grond raak" (id., bl. 22).

1) Onderstreping telkens van my.

Die merkwaardige van „Mvubu (die seekoei)\" word weer eens deur die verteller self aangedui: dit is die briljante wyse waarop ou Stemmer die moord op Solly Cohen rekonstrueer: „... met 'n glimlag kom die gedagte by my op dat die wonderlike opmerkzaamheid van die ou Kaffer hom vir 'n roman-speurder bevoeg maak, (bl. 54). Maar hierop is ons in die inleidende paragrafe van die verhaal voorberei („... in die meeste gevalle moes ons gebruik maak van die eienaardige vernuf en kennis van ou Stemmer\", Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 33).

Die merkwaardige in „Afrikanerbeeste\" is geleë in die buitengewone wyse waarop ou Hendrik 'n weg deur die vyandelike linies baan – ook in die verbasende verhouding tussen ou Hendrik en sy trop Afrikanerbeeste. Maar weer is ou Hendrik geen gewone figuur nie: „Ou Hendrik het stadigaan beroemd geword en die wonderlikste stories word vandag nog van hom en sy trop Afrikanerbeeste vertel\" (id., bl. 69). Let op hoe die verteller ons voorberei op die „wonderlike storie\" wat ook hy van ou Hendrik en sy trop gaan vertel.

In „Diep Rivier\" is die merkwaardige geleë in die buitengewone wyse waarop Juanita Perreira probeer om haar meesteres om die lewe te bring. Nie alleen is sy iemand met 'n „verbasende skoonheid\" nie (id., bl. 94), maar ons verneem ook van haar „sonderlinge karakterbou\" (id., bl. 96).

In „De boom in het midden van den hof\" gaan dit om Scallinger se verbasende ontdekking dat die „hele fantastiese storie van Stoffel Seebul\" waar is (id., bl. 168). Maar 'n mens kan seker so iets verwag van so 'n „snaakse vreemdeling\" soos Stoffel Seebul (id., bl. 164).

Die merkwaardige in „Die wit uil\" lê opgesluit in Jan Hendrik van Vuuren se lewenslange vergissing. Dat hy self egter ook 'n buitengewone figuur is, word in die inleidende paragrafe baie sterk onder die aandag gebring. Reeds in die tweede paragraaf staan daar byvoorbeeld „... binne die grense van ons uitgestrekte wyk was daar seker nooit 'n sonderlinger karakter as Jan Hendrik van Vuuren ... nie\" (id., bl. 174).

In die aanvangsparagrafe van Laramie, die wonderwerker word die

woorde „eienaardig(e)“, „merkwaardig“ en „verbasend“ gebruik om Laramie en sy gevolg te tipeer. Sy sonderlinge optrede later in die verhaal word hierdeur aanvaarbaar en geloofwaardig gemaak. Verder in die verhaal word ons telkens daaraan herinner dat ons met 'n buitengewone figuur te doen het. Op bl. 12 word hy „hierdie eienaardige mens“ genoem. Op bl. 13 word sy voorkoms as „merkwaardig en uitstaande“ beskryf. Op bl. 22 lees ons van sy „eienaardige houding“ en op bl. 38 van die „eienaardige invloed wat die vent en sy verhaal“ op die verteller het. Nog een voorbeeld. Op bl. 48 staan daar: „... die eienaardige mens het dié nag sonderlinge karakterwendings blootgelê“.

Die sentrale gebeure in „Die pad van drome“ is die „wonderlike gebeurtenis“ (id., bl. 118) wat in „Verdediging van Tweepoort deur Donou Winterbach“ (id., bl. 119 e. v.) meegedeel word en waarin Donou Winterbach die sentrale figuur is. Dat ook hy geen gewone mens is nie, word op bl. 103 e. v. onder ons aandag gebring. Ons hoor van sy „verbasende instinktiewe kennis van oorlogstrategie en - tegnieke“, sy „onuitlegbare persoonlike magnetisme“ en dat hy „van sy jongste dae altyd 'n eienaardige kind was, wat sy slaap betref“.

Weer vorm die „Dwaalstories“ 'n interessante en insiggewende uitsondering: Hoewel die gebeure in hierdie verhale uiters buitengewoon is, is die figure wat daarby betrokke is, telkens onbeduidend en swak. Riet-alleen-in-die-Roerkuil word reeds in die titel van die verhaal waarin hy optree „klein“ genoem. In die aanvangsin word hy beskrywe as „die geel Boesmantjie“. Joggom Konterdans van „Die lied van die reën“ is geen indrukwekkende figuur nie. Hy is „krom“ (Dwaalstories, bl. 14 e. a. p.) en „klein“ (bl. 15) en „kort“ (bl. 18). Op bl. 19 noem Nasi-Tgam hom „... die Krommetjie ! Die Geel Bobbejaantjie“. Nampti, die hooffiguur van „Die vaal koestertjie“, is eweneens klein en swak: „Die klein meidjie Nampti, die vaal Koestertjie, was só klein dat die hansbökkies haar omstoot as hulle speel“ (id., bl. 22). In „Die reënbul“ word Nampti een van die „klein kinders“ (id., bl. 28) van Galepa genoem en op bl. 30 lees ons van „die klein spoortjies van Nampti“.

Die rede vir hierdie verskynsel in die „Dwaalstories“ is waarskynlik geleë in die rol wat die bonatuurlike daarin speel. In die „Dwaal-

stories" is die bonatuurlike naamlik 'n wesenlike mag - 'n mag waardeur selfs die swak en onbeduidende mens magtig kan word (die „skraal Boesmanmeidjie" en die „vaal Boesman" van „Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil", Klein Kort Joggom Konterdans van „Die lied van die Reën" en Nampti van „Die vaal koestertjie" en „Die reënbul").

In Marais se ander verhale word die bestaan van die bonatuurlike egter dikwels ontken en is die figure dus op hulle eie krag en vernuf aangewys.

3.

DIE SONDERLINGE GEBEURE AS DRAMA

'n Ander aspek van die perspektief in Marais se verhaalkuns wat verband hou met sy strewe na geloofwaardigheid, is die feit dat die gebeure dikwels getipeer word met begrippe uit die wêreld van die drama. Ook hierdeur word voorgegee dat die verteller toeskouer, oog- en oorgetuie van die gebeure is of was.

Reeds in „Margriet van Laastelust" staan daar: „... min dink dat die lui van die klok ... as't ware 'n nuwe en onverwagte treurspel - toer in 'n komedie aankondig" (Margriet van Laastelust en Die Wegraak van Sannie, bl. 18). Hier word die gebeure wat die lui van die klok voorafgegaan het as 'n „komedie" getipeer en die daaropvolgende as 'n „treurspel-toer".

Die gebeure in „Die wegdraai van Sannie" word deur die verteller „die groot toneelstuk van Wegdraai" genoem (id., bl. 91).

Ook die veelvuldige gebruik van die woord skouspel in Burgers van die berge, waarna ons reeds verwys het, staan waarskynlik in verband met 'n strewe by die verteller om dit by ons tuis te bring dat hy die gebeure waargeneem het soos 'n toeskouer wat 'n drama voor hom sien afspeel. In hierdie verband is die gebruik van die woord „toeskouer" in 'n sin soos die volgende veelseggend: „Ek dink dat die mens-toeskouers geen geringe deel gehad het aan die gejuig nie" (Burgers van die berge, bl. 37). Die woord „komedie" staan ook in hierdie werk: „Vir ons was dit altyd 'n lagwekkende komedie ... " (bl. 39); en weer op bl. 74 : „Die hele voorval was 'n uiters snaakse komedie". Maar ook die woorde „tragedie" en „treurspel" kom voor, bv. op bl. 90: „Byna elke nag kon ons die hele tragedie ... volg"; bl. 91: „Ek dink dat hierdie nagtelike treurspel by mnr. Van Heerden 'n sekere gevoel van medelye verwek het".

Ook in „Isaak Slyk" tref ons sulke woorde en uitdrukkings uit die wêreld van die drama aan. So verklaar die verteller byvoorbeeld: „Ek moet die leser 'n denkbeeld gee van die persone wat 'n rol in hierdie drama gespeel het, waar iets onnodig of omslagtig lyk, wil ek vooraf die versekering gee

dat ek stip sal probeer om niks aan te roer wat geen uitwerking op die dénouement het nie" (Die huis van die vier winde, bl. 23).

Opvallend is ook die gebruik van die woorde rol, drama, bedryf en toeskouer in die volgende sin uit „Die spookbul van Farellone” : „Margaret du Plessis was bestem om 'n aansienlike rol in die drama waarvan hierdie ontmoeting die eerste bedryf was, te speel en dit is derhalwe miskien wenslik dat ek die voorkoms destyds van hierdie merkwaardige vrou kortliks beskrywe, asook die indruk wat sy op 'n toeskouer soos ek, gemaak het" (id., bl. 36).

In die vierde paragraaf van „Jonkheer van der Made tot zevenster” lees ons: „Terwyl ons wag, het die menslike deel van die mise en scene my belangstelling in beslag geneem. ” Weer is die verteller dus as't ware toeskouer by 'n „drama” (id., bl. 125).

Een van die gedramatiseerde vertellers in „Die vliegende Hollander” is „die heer Olof Bergh,” in wie se verslag van die skipbreuk ons insae kry in die afdeling „Die lyfband van juwele” (id., bl. 146 e. v.). Ook hierdie verteller gebruik die woord skouspel: „Beide Schipper en Loods scheenen door eene roekeloosheid gedomineerd te zyn die ons - op het Strand hulpeloos staande het Schouwspel aan te staren - met ... siddering vervulde” (bl. 148).

As ons by die „dramatiesste gedeelte van die verslag” kom, maak „die toestand van die dokument” dit wenslik vir die verteller om weer oor te neem (bl. 149). Hy praat weer van „die sidderende toeskouers” (bl. 149), en op bl. 150 vertel hy: „Kort daarna sien die toeskouers 'n groot straal vuur...”. 'n Entjie verder lees ons: „En nog 'n paar minute later was hulle verplig om die laaste vreeslike bedryf in die verskriklike tragedie te aanskou”. Net op die volgende bladsy kom ons die woord toeskouers nogeens teen: „Weer kon die ... toeskouers 'n weeklag ... hoor”. As dr. De Ridder later in die verhaal terugdink aan die beskrywing van die vergaan van De zeven Maagden, verneem ons: „soos die scenario van 'n rolprent het al die bedrywe van die groot toneel in die verbeelding van die dokter verbygegaan ... ” (bl. 163). Deur hierdie verbeeldingsvlug van hom word dr. De Ridder self ook as't ware

ooggetuie van 'n gebeurtenis wat eintlik buite die verhaal self lê. Iets soortgelyks gebeur op bl. 179 as dr. De Ridder weer op die stoep van Zuiderzicht staan, en dink: „Hier is die werklike mise en scène, onveranderd, van al die vreeslike gebeurtenisse van driehonderd jaar ...”, waarop hy dan enkele van hierdie „vreeslike gebeurtenisse” voor sy geestes oog sien afspeel, totdat die „peinsende toeskouer” op bl. 180 weer met „die hede” te doen kry.

Ook in „M'vubu (die seekoei)” tref ons so 'n begrip uit die wêreld van die drama aan. Die „klein dorpie, Dageraad” word naamlik by wyse van 'n pertinente opskrif bestempel as die „coulisse van die drama” (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 31).

In „Afrikanerbeeste” word die stormloop van die beeste deur die verteller as 'n „drama” bestempel (id., bl. 84).

Die woord drama word ook gebruik om die gebeure in „Diep rivier” mee te tipeer: „Ek gaan uit my weg om hierdie eienaardige mens te beskrywe ... om sy een van die persone was ... in die drama waarmee ons die middag op Avonduur kennis gemaak het” (id., bl. 98). Hoe doelbewus hierdie woorde aangewend word, blyk daaruit dat ons dit twee paragrawe verder weer aantref: „Ons was dus vyf volwasse persone in die huis toe hierdie wonderlike drama 'n aanvang ... geneem het” (bl. 99). Weer op bl. 109: „Dit was sy noodlot om 'n sonderlinge rol in die drama van Avonduur te speel”; bl. 110: „Hier was nou al die karakters versamel wat voorbestem was om deel te neem aan die klein drama van Avonduur”, op bl. 117, 121, 124. Slegs twee paragrawe verder op bl. 110 staan weer die woord dénouement ! Ook die woord skouspel kom telkens in hierdie verhaal voor: „Nooit sal ek die skouspel vergeet ... nie” (bl. 113); „... nou dat ek dit voor my oë sien gebeur, was dit 'n verbasende skouspel (bl. 123); „Nooit sal ek die verskriklike skouspel vergeet ... nie” (bl. 125). Ook die woord toeskouer word 'n enkele keer gebesig: „Wonderlik hoe dat die geringste en mees betekenislose gebeurtenisse somtyds die grootste uitwerking op die loop van sake meebring waarvan die toeskouer nooit ... sou gedroom het nie” (bl. 121).

Die woord skouspel kom, in die werke wat vir die doel van hierdie

studie ondersoek is, ook nog op die volgende plekke voor: In „Die winde uit die woestyn“ : „Hoe sal ek ooit die skouspel beskrywe ?” (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 195). In Laramie, die wonderwerker: „In die eerste skouspel verskyn hy op 'n vergadering ...” (bl. 13); „Die skouspel het sy voltooiing gevind in die klein brakkie, Sprinkaan” (bl. 59); „Donou vertel dat die skouspel 'n indruk op hom gemaak het ...” (bl. 113).

In Laramie, die wonderwerker kom origens nog die volgende begrippe uit die wêreld van die drama voor: „die eerste bedryf van 'n eenaardige komedie” (bl. 1); (bl. 62); „Magtig, Skat, dit was 'n mooi komedie!”, sê Issy ...” (bl. 65); (op die laaste twee plekke word hierdie woord nie deur die verteller gebesig nie maar deur een van die karakters – as ooggetuie van die gebeure); „Hy was tydelik in die voorgestoelte om die komedie te aanskou ! ” (bl. 152); „verhoog” (bl. 1); „drama” (bl. 3, 109, 156); „scènes” (bl. 12, 14); „coulisse” (bl. 13); „toeskouer” (bl. 69, 84, 137); „toneel” (bl. 70); „tragedie” (bl. 96, 148); „dénouement” (bl. 116); „rolspelers” (bl. 156).

In „Satan-grillige avonture met baaspeddief”¹⁾ kom ook van hierdie begrippe voor. So lees ons op bl. 193 (van Uit die verhaalskat van Eugène Marais) van die „verbasing van die toeskouers”; en op bl. 194 van „die sonderlinge skouspel”.

Teen die einde van „Die brief van Nooitgedacht” uit Die mielies van Nooitgedacht²⁾ verklaar die verteller: „Beter is dit om 'n gordyn te laat sak op die verdere drama ”

Uit al hierdie voorbeelde blyk hoe dikwels Marais in sy vertellings gebruik maak van woorde en begrippe uit die wêreld van die verhoogkuns. Hierdie verskynsels staan in verband met sy strewe om die gebeure voor te stel as iets wat as't ware op 'n „verhoog” voor die verteller af speel of afgespeel het – ten einde die geloofwaardigheid daarvan te verhoog. Ook in sy min of meer wetenskaplike werke, soos Burgers van die Berge en die artikels wat gebundel is in 'n Paradys van weleer kom mens enkele van hierdie begrippe teë. Op bl. 69 van laasgenoemde werk staan daar byvoorbeeld: „Van die dak van die waenhuis van Bainsvlei het dié prins eendag 'n skouspel gesien ...”,

1) Opgeneem in Uit die verhaalskat van Eugène Marais, bl. 189 e. v.

2) Opgeneem in Die stem van die storieverteller, bl. 66 e. v.

en weer op bl. 90: „Die gehele skouspel het nie meer as 'n halfminuut geduur nie". Op bl. 91 lees ons: „skrywer was ongelukkig aan koors lydende en kon die toneel nie bywoon nie", en 'n entjie verder: „Genoeg is dit om die treurige finale van die drama te vertel". Die woord toeskouer(s) kom ook in hierdie artikels voor: „Die brakkie het die lykstasie na die ,ou kraal' gevolg met 'n voorkoms van sulke smartlike droefheid dat die meeste toeskouers hul trane nie kon weerhou nie" (bl. 114).

Dit is interessant dat hierdie begrippe ook in Die siel van die mier voorkom. Ek noem enkele voorbeelde. Bl. 15: „Die toeskouer sal dadelik gewaar word dat een doel van die vlieg verspreiding is"; bl. 17: „Daar is nog snaakser dinge in verband met die komedie ..."; bl. 20: „En wat die treurspel behoort te vererger, is die feit dat haar eggenoot ... die groot geheim van ewigdurende jeug skyn te besit"; bl. 23: „'n Verskriklike tragedie moet plaasvind"; bl. 33: „In Waterberg het die skrywer dikwels geleentheid gehad om die wonderlike skouspel ... waar te neem:." ³⁾

Die gebruik van sulke woorde kan natuurlik ook gewoon tot die skrywer se persoonlike cliché behoort, tog verrai sulke cliché myns insiens iets wesenliks in Marais se werk.

Die feit dat Marais in sy wetenskaplike prosa van begrippe gebruik maak wat ook in sy vertellings voorkom, is myns insiens daarom nie toevallig nie. Ook hierdeur wou hy waarskynlik die geloofwaardigheid en betroubaarheidsgetuienis van sy vertellings verhoog. Hy wou naamlik op dié wyse moontlik die grens tussen sy wetenskaplike werk en die fiksie wat uit sy pen voortgekom het so klein moontlik maak. Sy wetenskaplike werk moes iets van 'n epiese kwaliteit kry en sy epiek iets wetenskapliks.

Daar moes dus iets analoogs tussen sy wetenskaplike werke en sy verhale geskep word.

3) Onderstreping telkens van my.

4.

DIE „EERLIKE" VERTELLER

In hoofstuk een het ek reeds verwys na 'n aspek van die perspektief in die prosakuns van Marais, dit wat ons kan noem die „openhartigheid" van die verteller omtrent die sonderlinge van sy verhaalmateriaal.

Maar Marais se vertellers is nie net openhartig nie – hulle is ook eerlik. Dit hang natuurlik nou saam met en sluit aan by hulle openhartigheid.

As die verhaalmateriaal waarmee 'n skrywer werk, nie inherent geloofwaardig is nie, is dit begryplik dat hy daarna sal strewende om so ver moontlik twyfel omtrent die geloofwaardigheid van sy verteller uit die weg te ruim. Marais maak dan ook dikwels in sy verhale gebruik van 'n eerlike verteller.

As daar bv. in „Die wegraak van Sannie" staan: „Iemand het eenmaal van die twee oues gesê dat hulle net so goed akkordeer soos 'n ystervark met 'n vaal makoppa; maar dit was miskien 'n vergroting van die waarheid" (Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie, bl. 91), dan word die verteller in die tweede helfte van die sin by implikasie as 'n eerlike persoon getipeer.

Ook in Burgers van die berge vind ons die tegniek om na ander vertellers te verwys wat die waarheid geweld aangedoen het. Ek verwys hier na die gegewe van die reeks katstories van "The Strand". Die onderhawige hoofstuk (hoofstuk 8) begin so: „Vir my is dit altyd 'n bron van verbasing om te sien wat deur die meeste populêre „dierskrywers" oor die sielkunde van diere vertel word en wat deur lesers as waarheid aanvaar word" (bl. 77). 'n Entjie verder volg dan 'n voorbeeld van 'n vergesogte „katstorie uit die mond van 'n hooggewaardeerde vroulike korrespondent" (ibid.). En dan volg die kommentaar van die verteller van Burgers van die berge: „Ek glo nie dat daar 'n Afrikanerkind van tien jaar in ons land gevind kan word wat so 'n storie vir soetkoek sal opeet nie".

Deur dit alles word die verteller van Burgers van die berge by implikasie as 'n waarheidsliewende en geloofwaardige figuur gekarakteriseer.

En as dr. De Roubaix, die verteller van die titelverhaal in Die huis van die vier winde, opmerk: „Ek wil graag so noukeurig moontlik die loop van die gebeurtenisse weergee. Ek wil geen verkeerde atmosfeer skep nie want ons arme nikswetendes wat 'n mediese kursus deurgemaak het, weet minstens dit met taamlike sekerheid: dat dit baie maklik is om 'n valse omgewing deur suggestie te skep en die mense so op allerhande dwaalspore te lei" (bl. 11), dui hy daarmee sy strewe na eerlikheid en egtheid as verteller aan. 'n Entjie verder kry ons nog 'n voorbeeld van hierdie strewe na eerlikheid: „Hoe sal ek dit aan julle duidelik maak? Dit mag natuurlik alles suggestie gewees het" (bl. 12). Net op die volgende bladsy lees ons weer: „My herinnering van wat ek gesien het, net toe die jong man die deur van die slaapkamer binnegaan en so buite ons gesig raak, is vaag - dit erken ek geredelik" (bl. 13). As dr. De Roubaix hom gereed maak om die tweede deel van die „gebeurtenis" te vertel, verklaar hy „.... en weer sal ek trag om alles wat die minste getuieniswaarde besit, juis weer te gee" (bl. 14).

Dit is opvallend dat ons hierdie herhaalde versekerings van 'n strewe na juistheid en waarheid juis in 'n verhaal soos „Die huis van die vier winde" aantref: In hierdie verhaal is die „skynbaar bonatuurlike" (Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, bl. 120) baie sterk aanwesig. Die opvallende strewe om die eerlikheid van die verteller bo alle twyfel te plaas, kan verklaar word uit die sonderlinge aard van die vertelde. Op bl. 15 gebruik die verteller dan ook die woord eerlik in verband met homself: „Ek moet eerlik erken (en ek het baie oor die saak nagedink) dat ek nie kan onthou wat my gevoelens op hierdie tydstip was nie". Weer verklaar hy met groot openhartigheid: „Ek dink - maar ek is daar nie seker van nie - maar ek is daar nie seker van nie - dat ek oombliklik op die gedagte gekom het dat mev. Cameron en ek alleen die jong man gesien het ..." (bl. 28). Op bl. 16 erken dr. De Roubaix ruiterslik dat hy sowel as mev. Cameron eienaardig opgetree het: „Julle moet goed let op die eienaardigheid van die gedrag van ons altwee." Hierdie verklaring word deur die eerste verteller herhaal as hy opmerk: „Ons het geruime tyd woordeloos nagedink oor die eienaardige verhaal...."

In „Isaak Slyk" word nog eens neerhalend verwys na die werkwyse

van ander vertellers: „Ek sê dit by wyse van inleiding, nie omdat – soos skrywers dikwels doen – ek verlang om aan fiksie die skyn van geskiedenis te gee nie ...” (bl. 22). Een van die tegnieke wat Marais se vertellers aanwend om hulle eie eerlikheid aan te dui, is die verwysing na ander vertellers wat die waarheid geweld aandoen.

Die strewe na eerlikheid gaan gewoonlik gepaard met 'n verklaarde begeerte om noukeurig en juis te vertel. In „Die Spookbul van Farellone” verklaar Margaret du Plessis teenoor kolonel De Ville: „... ek het my man belowe om alles wat gebeur het sonder oordrywing en sonder afwyking te vertel.” (bl. 43). Margaret is die verteller van die eerste helfte van die verhaal en kol. De Ville en dr. De Roubaix (die eintlike verteller) die geïntegreerde hoorders. Weer word die versekering van 'n strewe na eerlikheid ook opgevolg deur 'n versekering van 'n strewe na juistheid: „Ek sal probeer om gebeurtenisse wat hierop volg in die volgorde soos dit gebeur het, te vertel sonder byvoeging of weglating van die geringste feit wat – op my altans – 'n indruk gemaak het” (*ibid.*) En as Margaret gereed maak om van die voorval met die pistool te vertel, verklaar sy nog eens: „Wees van een ding verseker: ek probeer om niks te vergroot nie ...” (bl. 47). Wanneer kol. De Ville, dr. De Roubaix, Margaret en Armand in oom Charles se smidswinkel is, word sy deur haar „diep eerlikheidsin” gedwing om „oom Charles reg aan te doen” (bl. 65).

Hoewel die verhaal van „Salas y Gomez” nie deur Hendrik du Preez self vertel word nie, word hy tog as die eerste verteller daarvan aangedui: „En toe begin oom Hendrik my die storie vertel ... (bl. 76). Omtrent hierdie eintlike verteller van „Salas y Gomez” het ons reeds verneem: „... hy wou nooit ,stories' vertel nie ... om te vertel net om te vertel – daartoe kon jy hom selde of ooit oorhaal” (bl. 74). Van so 'n mens kan die leser dus nie 'n „storie” verwag nie – minstens egter die waarheid!

In „Die spookbul van Farellone” was dit Margaret du Plessis wat, as betroubare en eerlike verteller, die agtergrond tot die skynbaar bonatuurlike gebeure geskets het. In „Die vliegende Hollander” gebeur iets dergeliks:

hier is dit ou Abdol Daoud wat dr. De Ridder inlig omtrent die „seespoke van Silwersand“, die „storie dat die ou Van der Poel – geslag iets met die spoke te doen het“ en omtrent die „spookskip“. Ook hierdie verpersoonlikte verteller gee blyke van 'n strewe na noukeurigheid: „.... ek wil die sieur dit vertel net soos ek dit gehoor het ...“ (bl. 140), en na eerlikheid: „Daar was iets baie verkeerd met hom en met die skip; maar daaroor is dit die beste om stil te bly Dit mag alles leuens wees.“ (bl. 141). Ou Abdol word in hierdie opsig skerp gekontrasteer met Tarries, Gap en Knoppies as uiters onbetroubare vertellers; dr. De Ridder besef hulle onbetroubaarheid ook terdeë: „Weer word geweldige pogings deur die drie aangewend, elkeen om sy partikuliere lesing van die voorval bekend te maak, wat deur die dokter onverwylde gekortwiek word.“ (bl. 143). In „Die vliegende Hollander“ word daar nie net verwys na onbetroubare vertellers nie, maar hulle figureer ook inderdaad binne die verhaalwêreld.

In die titelverhaal van Die leeus van Magoeba word die eerlikheid van die verteller op 'n meer subtile manier aangedui. In hierdie verhaal tree die verteller nêrens as karakter in sy verhaalwêreld op nie. Tog word die leser van hom bewus in die implisiete kommentaar wat telkens deurskemer. As Magoeba aan sy Gothla sê: „... kyk hoe hang my vel om my bene ...“ dan volg: „..... en hy trek aan die vetlae van sy romp“, waardeur die leuen van Magoeba (en indirek die eerlikheid van die verteller) aangedui word. So lees ons byvoorbeeld weer op bl. 17 dat Magoeba die danseresse by die fees by een geleentheid as „vier“ in plaas van twee „toegeroep“ het. In „Die leeus van Magoeba“ word ironie verkry deur die inkongruensie tussen die eerlikheid van die verteller en die oneerlikheid van die hoofkarakter. En op bl. 24 word die werksaamheid van die verteller nog eens gekontrasteer met die van onbetroubare vertellers: „En toe vertel Magoeba die storie van al die ellende wat hy te verduur het deur toedoen van die towenaars. Waar hy te kort skiet, aanvaar dadelik een van die raadsmanne die verder geskiedenis totdat Mogali-di-Tao 'n aaneenskakeling van verskrikkinge verneem het, waarvoor 'n groter held as selfs hy geneig sou wees om terug te deins“.

Ook in „M'vubu (die seekoei)“ word daar 'n enkele keer van so 'n

onbetroubare vertelling gebruik gemaak: „Na ons hulle (d.w.s. O'Brien en Husting) water verskaf het ... het hulle dadelik en ongevraagd hulle storie vertel. Dit was natuurlik 'n opgemaakte storie, in die vertelling waarvan hulle goed geoefend was" (bl. 42).

Marais se vertellers is deeglik bewus van die gevaar van oordrywing. Die verteller van „Diep Rivier" gee blyke van 'n strewe na juistheid en eerlikheid as hy verklaar: „Ek wil jou graag hier vertel presies wat ek gesien het" (bl. 104). Dat hy bewus is van die gevaar van oordrywing, word op bl. 126 aangedui: „Ek dink die ontsettende omgewing het daartoe bygedra om die dier in ons verbeelding te vergroot". As Boy dan uiteindelik die „storie" vertel van die „towery" op Avonduur, verklaar ook hy: „Ek het niks vergroot of bygesit nie. Alles het gebeur net soos ek julle vertel het" (bl. 130).

5.

DIE NUGTER VERTELLER

Marais se vertellers is nie slegs openhartige en eerlike mense nie. Hulle is ook nugter. Marais maak in sy verhale telkens gebruik van 'n nugter verteller. Ook hierdie aspek van die perspektief in sy verhale moet teruggevoer word na 'n strewe na geloofwaardigheid. 'n Mens is immers meer geneig om 'n eienaardige storie te glo as dit uit die mond kom van iemand wat op jou die indruk van nugterheid maak.

Iets van hierdie nugterheid kry ons byvoorbeeld op bl. 40 van Laramie, die wonderwerker as ons lees: „Ek herinner my dat die gedagte wat by my opgekom het, was, dat Laramie op die spoor was van die een of ander slim toertjie, waarmee hy van plan was om individue te beroof” Op bl. 43 tree die nugterheid van dr. De Roubaix (die verteller van Laramie, die wonderwerker) nog sterker op die voorgrond as hy teenoor Laramie verklaar: „Daar word beweer . . . dat so iets deur gedagtelesery gedaan kan word, maar daar glo ek net so min in as wat ek in 'n bonatuurlike uitleg sou glo.”

Die verwysing na die handelwyse van „die meeste populêre dierskrywers” aan die begin van hoofstuk 8 van Burgers van die berge is ook in hierdie opsig van belang. Dit dien o.a. ook om die nugterheid van die verteller aan te toon. Hy verklaar byvoorbeeld op bl. 77: „. . . alles wat 'n beroep op die sentimentaliteit van die teetafel - oujongnooiens in Engeland en Amerika doen, skyn, wat die verstand en gedrag van diere betref, die hof van appél te wees”.

Hierdie nugterheid openbaar hom in 'n onwil om die gebeure aan bonatuurlike faktore toe te skrywe.

Die moontlikheid dat die gebeure in „Die huis van die vier winde” aan „spokery” toegeskryf moet word, word in die slotparagrafe deur die „wetenskaplike” verklaring van die verteller die nek ingeslaan. Dit ten spyte van die feit dat 'n „nugter” karakter, oom Willem - wat op Dora Cameron se speelse verwysing na spoke met groot nadruk verklaar: „. . . my dae van spooksien is verby” - ingevoer word wat opmerk: „Maar as daar 'n plek is

waar dit behoort te spook, dan is dit in hierdie ou huis ... en as èen die spoke behoort te sien, dan is dit Doortjie ... " (Die huis van die vier winde, bl. 17). Die verteller is dus selfs nugterder as die nugtere oom Willem.

Met die onwil om die gebeure aan bonatuurlike faktore toe te skrywe hang saam die strewe om 'n „wetenskaplike” verklaring daarvoor te gee. In die tweede paragraaf van „Isaak Slyk” verklaar die verteller: „Daar is 'n element van iets bonatuurliks verbonde aan die gebeurtenisse wat ek gaan verhaal en ek verklaar dat die gebeurtenisse waar is, omdat ek daar vas van oortuig is dat die skyn van bonatuurlikheid in werklikheid 'n baie gewone natuurlike grondslag het en maklik uitgelê kan word, as ons net die sleutel van die geheimsinnigheid in hande het” (id., bl. 22). Ook hierdie verteller verwerp dus die bonatuurlike as verklaring vir die sonderlinge van sy verhaal-materiaal. Weer eens is die funksie daarvan om hom as 'n nugter mens te karakteriseer – en so sy geloofwaardigheid as verteller te verhoog.

Margaret du Plessis, die verpersoonlikte verteller van „Die spookbul van Farellone”, verwoord haar strewe na nugterheid so: „... ek probeer waarlik om my eie gevoelens op die agtergrond te hou....” (bl. 47). En wanneer sy nie in hierdie strewe slaag nie, word sy deur die geïntegreerde hoorder, De Ville, tot nugterheid gemaak: „Ons gaan 'n bietjie te vinnig, ’ antwoord De Ville met 'n glimlaggie” (bl. 47) en weer op bl. 49: „Ons gaan weer te vinnig, Mevrouw !” Dat die eintlike verteller van die verhaal, t. w. dr. De Roubaix, ook 'n nugter mens is, blyk uit sy kommentaar op Magalape se verklaring van klein Mawane se dood: „Sy verklaring was te kinderagtig wanneer 'n mens dit met die werklikheid vergelyk wat ons die oggend self beleef het om ons anders as belaglik voor te kom” (bl. 59). Die nugter verteller word gekontrasteer met 'n bygelowige karakter wat as tydelike verteller gefigureer het. Dat ook hý nie die skynbaar bonatuurlike van die gebeure wou aanvaar nie, meld hy op bl. 62 as hy in verband met die dood van die hond verklaar: „Ek weet verseker dat die gedagte aan iets bonatuurliks nooit 'n enkele oomblik by my opgekom het nie ...” In die volgende paragraaf word dit nog eens benadruk: „Nee, aan spoke het ons nie gedink nie...” Daarom is dit so geweldig oortuigend as ook die verteller later in die verhaal moet erken: „Nietemin het Ra-di-Nari

diep in die gemoed van elkeen van ons toe reeds 'n vae en onduidelike wese aangeneem . . . " (bl. 67). Hier sluit die verteller homself nog in by die ander karakters in die verhaal. Op bl. 69 verklaar hy egter slegs van homself: „Maar nou – met die populierbos voor ons – het dit op my altans die indruk gemaak van 'n verskriklike voorbode . . . " Die woord „voorbode" klink waaragtig oortuigend in die mond van iemand so nugter soos die verteller. As die nugter verteller soms tydelike toegewings aan die bonatuurlike maak, word die gebeure des te aangrypend.

Ook Hendrik du Preez, die „eintlike verteller" van „Salas y Gomez", word in die lang inleiding tot die eintlike verhaal op 'n subtiële wyse as 'n nugter mens getipeer. So lees ons byvoorbeeld: „. . . sy humor was nooit bitter of kwetsend nie. As hy ooit 'n weinig genadeloos was in sy beskouings oor menslike swakhede, dan was dit oor sy eie" (Die huis van die vier winde, bl. 74). Die feit dat hy nooit „stories wou vertel" nie (bl. 74) is in hierdie opsig verder van belang. Hendrik se nugterheid word nog eens aangedui deur sy verwysing na die „snaakse bygelowe" van die naturelle op bl. 75 – met die veelseggende uitroepeteken daarna, wat ons weer in die volgende paragraaf aantref: „. . . omdat ek nalatig was in die voorafgaande aanbidding !" Na hierdie duidelike aanduiding van oom Hendrik se nugterheid staan daar: „En toe begin oom Hendrik my die storie vertel . . . " (bl. 76). Ja, selfs sy geloofslewe word gekenmerk deur groot nugterheid: „Dit was teen sy Calvinisme om God om enigiets te smee of vir 'n gebeurde te bedank. . . . " (bl. 81). As Hendrik die „stem" hoor wat hom verseker dat hy Racheltjie nooit weer sal sien nie, staan daar: „As daar één ding is wat Hendrik du Preez verfoei het, dan was dit kinderagtige bygeloof" (bl. 86).

In „Die spookbul van Farellone" het ons gesien watter oortuigingskrag 'n tydelike toegewing aan die bonatuurlike het wanneer dit kom van die kant van 'n nugter spreker. In „Salas y Gomez" vind iets soortgelyks plaas as ons omtrent Hendrik du Preez verneem: „. . . dit het moeite gekos om die kinderagtige geloof dat die naam profeties betrekking op sy toestand had, te verdryf" (bl. 95). (Let op die subtiel-ironiese klank wat die woord kinderagtig hier kry, teen die agtergrond van die gebruik daarvan op bl. 86. Let ook op die veelseggende wysiging van „bygeloof" na „geloof").

'n Verdere voorbeeld van so 'n toegewing aan die bonatuurlike in „Salas Y Gomez" vind ons op bl. 114 - 115 van Die huis van die vier winde, as Hendrik du Preez begin twyfel of die „stem" wat hy vroeër gehoor het wel „sy eie gedagtes was wat vir een moment die indruk op hom gemaak het van 'n uitwendige stem." Hoe tydelik hierdie toegewing egter is, word daardeur gedemonstreer dat ons net in die volgende paragraaf al weer op Hendrik se nugterheid gewys word: hy was „nooit heeltemal eens met hierdie uitleg van 'n bepaalde sielkundige toestand nie" (t.w. dat sy „sielstorm" 'n ingewing van die Bose was.)

In „Jonkheer van der Made tot Zevenster" word die „eienaardige storie van die manslag wat Jonkheer van der Made tot zevenster op Koelte gepleeg het" (bl. 129) in die mond gelê van Dirk van Breda. In die paragraaf onmiddellik voordat die verteller hiertoe oorgaan, word Van Breda self egter ook as 'n nugter mens getipeer as ons verneem dat hy „... tevergeefs geprobeer (het)om 'n glimlag te onderdruk" onderwyl hy na die „verhaal" van die wonderbaarlike verhouding tussen Douwe en die bul geleister het.

In „Die vliegende Hollander", wat origens deur 'n onpersoonlike verteller aangebied word, word die verhaal van die spookskip enkele paragrawe lank deur ou Abdol vertel. Ook hy gee terloops blyke van 'n mate van nugterheid as hy verklaar: „Die werklike spook is 'n skip, Sleur - as daar so iets kan wees as 'n spookskip" (bl. 140). Vanaf bl. 155 begin die „baie verkorte storie van bloed en geweld, soos deur dr. De Ridder saamgestel." Weer maak Marais dus gebruik van die tegniek om 'n gedeelte van sy verhaal aan 'n verpersoonlikte verteller, hierdie keer die hoofkarakter in die onderhawige verhaal, toe te skryf. Weer vind dit plaas onmiddellik nadat die aangeduide verteller as 'n nugter denkende mens getipeer is. Ons lees naamlik in die voorafgaande paragraaf: „Dat daar so iets as 'n vloek oor die geslagte van 'n familie kan opereer, het sy wetenskaplike opleiding dadelik verwerp".

Iets van hierdie nugterheid openbaar ook die verteller van „M'vubu (die seekoei)" as hy verklaar dat O'Brien en Husting se verhaal „natuurlik 'n opgemaakte storie" was (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 42). Nog sterker tree dit na vore wanneer hy ou Stemmer se „toorteorie dadelik

van die hand wys" (bl. 53). Maar ook hy maak blykbaar 'n toegewing aan die bo-natuurlike as hy op bl. 56 verklaar: „In een of ander donker skaduwee is iets wat ons met bose oë beloer".

Juanita se „sonderlinge verdubbeling van persoonlikheid" (bl. 98) is 'n sentrale gegewe in „Diep Rivier". Voordat die verteller egter daartoe oorgaan om hierdie gegewe epies aan ons te demonstreer, word ook hy (weer eens dr. Paul de Ridder – soos in die aanvangsparagrafe aangedui word) op 'n byna terloopse wyse as 'n nugter mens getipeer as hy verklaar: „Ek dink dat die omgewing daartoe bygedra het om vir ons die lied van die onsigbare sangeres te verheerlik die helder, koel môrestond, die groen, kweebee-groeide gelykte het alles daartoe bygedra om die skone stem en eienaardige lied in iets storieagtigs te skep" (bl. 113). Hierdie uitspraak word in 'n ander verband herhaal as ons op bl. 126 lees: „Ek dink die ontsettende omgewing het daartoe bygedra om die dier in ons verbeelding te vergroot en sy wrede en dreigende voorkoms meer afskuwekkend te maak." Die nugterheid van die verteller blyk ook daaruit dat hy bewus is daarvan dat sommige (ondergeskikte) feite in sy vertelling aan verbeelding toegeskrywe kan word.

'n Ander tegniek wat Eugène Marais in sy verhaalkuns aanwend ten einde die geloofwaardigheid daarvan te verhoog, is om gebruik te maak van 'n intelligente en/of geleerde en/of wetenskaplike verteller. Dit hang natuurlik ook saam met die „wetenskaplike” verklaring wat telkens vir die gebeure gegee word.

Vir hierdie doel skep die verteller dikwels die indruk van 'n deskundige. Die verteller van „Die wit uil” word op bl. 181 van Die leeus van Magoeba as so 'n geleerde persoon aangedui, as hy opmerk: „Min het Coen geweet dat die pluk aan die deken deur die wetenskap¹⁾ erken word as 'n verskriklike voorteken van die naderende dood en dat dit in die moderne geneeskunde onder 'n Latynse sin bekend staan.” 'n Uitspraak soos die volgende op bl. 192 het dieselfde funksie: „Dit was 'n albino soos by alle diersoorte af en toe voorkom”.

Ook die terloopse wetenswaardighede wat tussen die vertelling deur gevleg word, help om die verteller as geleerde (en intelligente) persoon te tipeer. Dink byvoorbeeld aan iets soos die volgende in „Margriet van Laastelust:” „Ons voorvaders het laat eers die grasieuse gewoonte aangeneem om blomme as versiering binnenshuis te gebruik. Die verste in dié rigting destyds was 'n roos in die hare, of 'n ruiker in die hand of aan die bors van 'n jongedame in aanddrag.” (Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie, bl. 7). Of op bl. 30 van dieselfde werk: „Die leser sal onthou dat 'n ryperd in dié dae vir elke welgestelde man of vrou 'n uiters nodige besitting was”. (Deur sulke wetenswaardighede as „algemene kennis” aan te dui, word dit meer aanvaarbaar gemaak.) En weer op bl. 32: „... onderwerpe wat toentertyd die aandag van meeste Afrikaners vasgehou het.” en : „Die mense van die Onderveld het op al hulle reise van die ossewa gebruik gemaak, wat later so 'n groot rol in die geskiedenis van Suid-Afrika moes speel”.

Ook in „Die wegraak van Sannie” het ons iets dergeliks as ons lees: „In dié dae was dit glad g'n onbekende ding vir mense om in Waterberg weg te raak nie” (bl. 99), of: „Die naam Mapela was destyds nog 'n woord van skrik in Waterberg...” (bl. 101).

1) Onderstreping telkens van my.

In Burgers van die Berge word die geleerdheid van die verteller ook aangedui deur die mededeling van dergelike wetenswaardighede. So staan daar bv. op bl. 23: „Dit is 'n bekende wetenskaplike feit dat veranderinge wat 'n dierras in die verlede deurgegaan het in baie gevalle weer in die ongebore foetus 'n verskyning maak ... ". Op bl. 65 merk die verteller bowendien van homself op: „Ek was destyds die enigste persoon in ons hele geweste wat mediese hulp van enige aard kon verleen".

Die verteller is soms selfs deskundige op meer as een gebied. Die verteller van „Die huis van die vier winde" word in die aanvangsparagraaf soos volg getipeer: „Die oorlede dr. Paul de Roubaix, die bekende Suid-Afrikaanse plantkundige, het aan 'n klein geselskap van ons eenmaal die volgende gebeurtenis vertel. . . . " (Die huis van die vier winde, bl. 7). Ook hy is dus 'n geleerde (en daarom intelligente) persoon. Dat hy nie net 'n plantkundige was nie maar ook „'n mediese kursus deurgemaak het", lees ons op bl. 11. Op bl. 13 word die feit dat die verteller 'n wetenskaplike is weer eens onder ons aandag gebring, as hy meedeel dat hy die „verhaal" reeds voorheen as „... 'n wetenskaplike uiteensetting in die tydskrif van 'n buitelandse sielkundige vereniging" laat verskyn het. En op die volgende bladsy word ons nog eens daarvan bewus gemaak dat dit 'n wetenskaplike is wat hier aan die woord is: „In meer wetenskaplike bewoording sou ek dit die objektiewe en die subjektiewe gevolge van die voorval noem. " Die leser word daarvan bewus gehou dat die verteller 'n „wetenskaplike persoon" is, soos hy op bl. 16 na homself verwys. Die woord wetenskaplik klink inderdaad soos 'n refrein deur hierdie verhaal. Op bl. 20 staan daar byvoorbeeld weer: „Alleen omtrent die uitleg bestaan vandag wetenskaplike verskil. . . . "

Wanneer die verteller van „Isaak Slyk" hom gereed maak om 'n „kort opsomming" te gee van „Oreade se waarnemings in verband met die kraai", voeg hy hierdie betekenisvolle opmerking daarby: „... soos sy dit self aan my later uiteengesit het" (bl. 30 - 31). M.a.w., minstens die „verbasende stelsel van redenering" waardeur Oreade „die sleutel ontdek het" (bl. 25), is deur die betrokke karakter self aan die verteller meegedeel. En van hierdie „eintlike verteller" (van by implikasie die hele verhaal) het die

verteller reeds vroeër verklaar: „Wat verstandsvermoë betref, was sy klaar-blyklik buitengewoon" (bl. 23).

Marais maak ook gebruik van die suggestie dat dit dieselfde verteller is wat in verskillende verhale optree. Die verteller van „Die spookbul van Farellone" is, soos dié van „Die huis van die vier winde", 'n plantkundige: „Ek het vroeër plantkunde op een van ons hoërskole gedoseer en was toe op onbepaalde verlot om enkele van ons plantsoorte te rangskik en die rangskikking te boek te stel" (bl. 34). Nie alleen word hiermee aangedui dat ook hy 'n intelligente persoon is nie, maar die feit dat hy juis plantkundige is, tipeer hom (soos ook die geval was met die verteller van „Die huis van die vier winde") by implikasie as 'n nugter mens, iemand wat belangstel in en waarde heg aan die konkrete dinge om hom heen. Dat dit inderdaad dr. De Roubaix is wat hier weer eens aan die woord is, blyk egter duidelik op bl. 37 as Margaret du Plessis verklaar, nadat De Ville haar gevra het of sy alleen met hom wil praat: „O nee, Kolonel ek weet alles van die vriendskap tussen u en dr. De Roubaix". En dan volg hierdie betekenisvolle woorde: „En hy is 'n geleerde man, 'n wetenskaplike". Dat dr. De Roubaix ook in hierdie verhaal meer is as bloot plantkundige, blyk verder as De Ville verklaar: „... ons weet dat u nie kranksinnig is nie. Ons het albei genoeg ondervinding om 'n fout in hierdie rigting uit te sluit" (bl. 37).

Soos reeds aangetoon, word Hendrik du Preez aangedui as die „opronklike verteller" van „Salas y Gomez". Dat ook hy 'n besonder intelligente persoon was, word nadruklik op bl. 74 van Die huis van die vier winde vermeld: „Hy het van nature 'n verstand gehad so skerp soos 'n geslypte dolk". Hierdie feit word beklemtoon as ons 'n ent verder weer verneem: „Nie alleen het hy byna volmaakte liggaamlike skoonheid besit nie, maar daarmee het 'n verbasende verstand gepaard gegaan" (bl. 77).

Dat ook ons verteller egter geen pampoen is nie, blyk uit die volgende opmerking van sy kant op bl. 99: „Dit is algemeen bekend dat die meeste mense nog soveel van die dierlike siel oorhou dat opsluiting van enige aard 'n ontroering veroorsaak wat tot geweldige hoogtes kan styg. By alle wilde diere is dit 'n

normale sielstoestand; by sommige mense is dit 'n abnormale, aangebore eienaardigheid wat in die sielkunde as claustrophobia bekend is". Verder blyk die intelligensie van die verteller ook uit 'n mededeling soos dié op bl. 102: „Dit is opmerklik dat voëls dikwels hierdie vreesloosheid teenoor mense toon wat 'n ongewone verskyning in die nabyheid van gesamentlike broeiplekke maak." Hierdie kennis van voëls aan die kant van die verteller blyk nog eens as hy opmerk: „Van alle lewende diere is daar geen skitterender juweel as die sewekleurtjie nie...." (bl. 113).

In „Die leeus van Magoeba" dien die voetnote om die verteller as deskundige op die gebied van sy verhaalmateriaal aan te dui. Ek verwys na iets soos die volgende onder aan bl. 28 van Die leeus van Magoeba: by die mededeling dat Maraledi al haar versieringe verwyder het en 'n leerband om haar voorhoof gebind het, vind ons die voetnoot: „Die teken van rou by 'n sterfgeval". Ook die woordverklarings wat telkens by wyse van 'n voetnoot aangegee word help om aan te toon dat die verteller 'n kenner is van sy onderwerp.

In „Mvubu (die seekoei)" gee die verteller blyke van 'n diepgaande kennis van sy verhaalmateriaal. Ons lees byvoorbeeld op bl. 41 van Die leeus van Magoeba: „'Stompoor' is natuurlik die een verbode oormerk onder ons veeboere. Daar is ongeveer twaalf gewone en erkende merke: 'halfmaan', 'swawelstert', 'winkelhaak', 'jukskeikerf', ens., stompoor is die erkende merk van die dief en skelm, want dis die enigste wyse wat die uitskakeling van alle ander merke toelaat". Dat die verteller egter ook in ander opsigte 'n „geleerde" kêrel is, blyk uit sy opmerking op bl. 44: „Lambroso sou hulle dadelik, op die getuienis van hulle aangesigte alleen, as misdadigers gerangskik het!"

Dat die verteller van ook „Afrikanerbeeste" 'n „geleerde" is, word nie so klaarblyklik gedemonstreer nie. Tog kan die leser dit aflei uit die gebruik van die woord sogenaamde en die aanhalingstekens in die volgende sin, wat daarop dui dat die verteller eintlik van beter weet: „Op 'n klein kalbasfluitjie maak hy aanhoudend die skerp gekletter van die sogenaamde 'langasem-sprinkaan' na" (bl. 79). Dat die verteller inderdaad 'n kenner is van voëlgeluide, blyk origens duidelik uit die wyse waarop hy telkens die geluide wat ou Hendrik naboots presiseer: „die melodieuze gefluit van die eienaardige

dwerguiltjie van die noordelike bosveld" (bl. 76), „die ,hoe-hoe-hoe-hoe' van die geoorde bosvelduil" (bl. 82).

In die tweede sin van „Diep Rivier" staan daar: „Waar dus ,ek' ge-
besig word, moet die leser verstaan dat dit dr. De Roubaix is wat spreek en
nie die samesteller nie". (bl. 87) Ook hierdie sonderlinge verhaal word dus
in die mond gelê van „wyle dr. Paul de Roubaix", waarskynlik word bedoel
die „oorlede dr. Paul de Roubaix, die bekende Suid-Afrikaanse plantkundige"
van „Die huis van die vier winde". Dit is egter opmerklik dat Roubaix hier 'n
dokter is en nie 'n doktor nie. (vgl. bv. bl. 100). Dat hy origens ook 'n gekulti-
veerde mens is blyk uit sy opmerking op bl. 134: „Ek herinner my dat die
oortuiging by my gesterk is dat die Griekse kunstenaar van ouds nooit 'n
skoner fontanel vir die gieting van sy brons Aphrodite ontwerp het nie".
Trouens, ook Juanita tipeer die verteller (saam met kol. De Ville) as 'n
„geleerde mens": „Waarom dink u dat ek 'n uitleg sal kan gee, Meneer, as
geleerde mense, soos u en dr. De Roubaix, van geen uitleg weet nie?" (bl.
135).

Dat dit dieselfde verteller is wat in verskillende verhale optree,
word egter nie te klaarblyklik gemaak nie - sodoende vermy Marais die ge-
vaar om sy eie doel te verongeluk. Die vertellings in Laramie, die wonder-
werker is „saamgestel uit die dagboek en nagelate dokumente van dr. Roubaix".
Dat hierdie „eintlike verteller" van Laramie nie dieselfde persoon is as die
„dr. Paul de Roubaix" wat ons reeds elders teengekom het nie, blyk uit twee
dinge: Ten eerste word die de hier weggelaat. Ten tweede is hierdie persoon
'n dokter en nie 'n doktor nie (soos die verteller van „Die huis van die vier
winde" ten minste betitel word). Hierdie klein verskilletjies in die vanne en
titels van die vertellers in die onderhawige verhale kan ons waarskynlik só
verklaar: Marais wou die suggestie dat dit dieselfde verteller is behou, sonder
om dit te klaarblyklik te maak (op gevaar af dat die feit dat dit dieselfde persoon
is wat telkens sulke sonderlinge gebeure meegemaak het, afbreuk sou doen aan
sy geloofwaardigheid as verteller).

'n Ander tegniek wat Marais aanwend ten einde die geloofwaardigheid van sy vertellings te verhoog, is om vertellers aan die woord te stel wat self oor- en/of ooggetuies van die gebeure is of was. Sy vertellers tree dikwels binne die verhaalwêreld op as sulke getuies van wat gebeur (of gebeur het). 'n Mens is meer geneig om waarde te heg aan die verhaal van iemand wat self die dinge sien gebeur het as aan dié van 'n persoon wat dit bloot van hoorsê het.

Reeds in „Margriet van Laastelust” vind 'n mens die suggestie dat die verteller „daar” was in 'n opmerking soos die volgende (bl. 13 Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie): „En waarlik ¹⁾ was Margrieta 'n beeld soos sy daar staan in die lig van 'n menigte kerse en die helderwit vlamme van die dennebolvuur in die kaggel” – waarop 'n gedetailleerde beskrywing van die skone Margrieta volg. Ook op ander plekke in die verhaal en in Marais se oeuvre tref ons sulke gedetailleerde beskrywings aan: so byvoorbeeld die toneel in die eetsaal (in die tweede paragraaf van hoofstuk III). Ook hierdeur word die feit dat die verteller self ooggetuie was, gedemonstreer (vgl. F.V. Lategan: Skrywers en Rigtings, bl. 312) ²⁾

Hoewel die gebeure in „Die wegraak van Sannie” in die aanvangsin aan 'n ongeïdentifiseerde „hulle” toegeskryf word, laat die verteller tog later blyk dat ook hy ooggetuie was van ten minste soortgelyke gebeure as hy verklaar: „Dit is 'n vreeslike ding om in sulke gevalle die hoop by mense te sien sterf...” (bl. 105).

1) Onderstropping telkens van my.

2) „Daarby skep Marais deur sy omstandige, ‚lewensgetroue’ verbeelding van die ‚feitegegewens’ van die geheimsinnige geval of karakter tot in die kleinste besonderheid, so 'n kragtige werklikheidsillusie dat die leser moet glo in sy verhaal en figure”.

In „Die brief van Nooitgedacht" beskrywe oom Hans vir Piet Rensburg as volg: „Piet Rensburg is net so vrolik en opgeruimd as 'n doodswaentjie en vier swart perde" (Die stem van die storieverteller, bl. 73). Hierop verklaar die verteller: „En waarlik, as die voorkome van Piet Rensburg solemneel was onder gewone omstandighede, in sy diakendrag was hy die skaduwee des doods self". Hier het ons weer die verskynsel, wat ons in die aangehaalde gedeelte uit „Margriet van Laastelust" reeds aangetref het, dat 'n waarneming van een van die karakters deur die verteller self ondersteun word – waardeur aangedui word dat ook die verteller ooggetuie was van die gebeure.

Marais se vertellers maak besonder dikwels gebruik van begrippe wat in verband staan met visuele en ouditiewe waarnemings. Dit is opvallend hoe dikwels die woord gesien (en ook sinonieme daarvan) in Burgers van die berge voorkom. Wanneer die verteller dit byvoorbeeld in hoofstuk 2 het oor die wonderlike bobbejaantjie wat Frans Linsley vir hom saamgebring het, staan die woord gesien in die slotsin van twee opeenvolgende paragrawe (bl. 27): „... dit was die wonderlikste bobbejaantjie wat ek ooit gesien het" en: „In alle opsigte was die kop en gesig meer menslik as dié van enige bobbejaan of aap wat ek ooit gesien het". Dergelike gevalle kom veelvuldig voor. ³⁾

-
- 3) Op bl. 29 lees ons: „So 'n planteryk ... het ek nooit tevore ... geëwenaar gesien nie"; op bl. 30: „Hulle was vet en vrolik en met hare so pragtig soos ons dit nooit weer daarna gesien het nie"; op bl. 33: „Later het ons meermale die geleentheid gehad om groot mannetjies die kleintjies te sien abba"; op bl. 36: „Ons kon sien dat die dier na die ingang op weg was"; bl. 39: „Vir ons was dit altyd 'n komedie om die nuuskierigheid van die ouer broertjie of sussie te sien ... "; bl. 46: „In die geval van ons antilope kan ... duidelik gesien word ... "; bl. 48: „Ons het dikwels gesien dat 'n paar leiers 'n kleintjie ... ontset "; bl. 49: „Ons het verskeie make gesien dat hy ... die kleintjie optel "; bl. 54: „Dit was lagwekkend om die liefkosings te sien ... "; bl. 55: „Ons het enkele male gesien dat een die trop ... skrik maak"; bl. 59: „Die sonderlingste geval ... wat ek ooit persoonlik gesien het ... "; bl. 63 – 64: „'n Ander voorval ... het ek self in die Hangklip-gebergte gesien "

Dit is interessant hoe dikwels ook die woord skouspel in Burgers van die Berge voorkom. (Die Handwoordeboek van die Afrikaanse taal van Schoonees e. a. omskrywe 'n skouspel as 'n „gebeurtenis, vertoning (of) tafereel wat 'n mens se oog trek“.⁴⁾) So lees ons byvoorbeeld in hoofstuk 5 binne die bestek van twee bladsye (bl. 52 - 53) van „die verskriklike skouspel“, „'n grillerige skouspel“, „die skouspel“, en „die vreeslikste van die skouspel“.

Ook die verteller van „Die huis van die vier winde“ dui deur herhaalde uitsprake soos die volgende aan dat hy oor- en ooggetuie was van die gebeure: bl. 8: „Ek het my oë stip op Nel gehou“; „..... ek kon sien dat hy laag oor sy saalboom gebuig sit“; „Toe ons skouer aan skouer was, kon ek hoor dat hy iets skreeu“; „Eers kon my betraande oë niks herken nie“; „En toe sien ek 'n skitterende liggie“; bl. 10: „Ons luister met gespitse ore na die geweld“, „Ons kan hoor dat die storm elke oomblik in krag toeneem.“ En as die gebeure 'n dramatiese hoogtepunt bereik, staan die woord sien drie keer in dieselfde sin: „En te midde van die gewoelsien ons iets - ons sien dit almal en tegelyk, en op die moment toe ek dit sien, het ek nie die minste twyfel gehad dat dit stoflik en tasbaar is nie“ (Die huis van die vier winde, bl. 12). So sterk was die strewe na geloofwaardigheid by Marais, dat hy hom ter wille daarvan selfs aan so 'n stilistiese slordigheid skuldig gemaak het.

Ter wille van die afwisseling lê Marais sommige van sy verhale in die mond van vertellers wat, hoewel hulle nie self oog- en oorgetuies van die gebeure was nie, dit tog gehoor het by ander wat wel oog- of oorgetuies was. Hoewel die verteller van „Isaak Slik“ nie self ooggetuie van die gebeure was nie, verklaar hy in die derde paragraaf: „Ek het ... verskeie ooggetuies die voorval hoor beskrywe“ (bl. 22).

Ook in „Die spookbul van Farellone“ is daar 'n opvallende herhaling van die woorde sien en hoor wanneer die gebeure 'n dramatiese hoogtepunt bereik. Hierdie hoogtepunt vind plaas wanneer die karakters vir die eerste keer van aangesig tot aangesig met die „spookbul“ in aanraking kom (bl. 61).

4) Voortrekkerpers, 1965, bl. 772. Onderstreping van my.

Ons sien die hond voor ons ... ons sien hom deur die takke trek
 en onmiddellik daarna hoor ons 'n gedempte slag „,God bewaar
 ons !' hoor ek De Ville uitroep...."

Die doelbewuste gebruik van die onderhawige woorde blyk duidelik
 as 'n mens daaraan dink dat 'n sin soos byvoorbeeld die laaste een in bostaande
 aanhaling ewe goed só kon gelui het: „,God bewaar ons ! ' roep De Ville uit
".

Die verteller van „Salas y Gomez" was weer nie self ooggetuie van
 die gebeure nie, maar (soos dit die geval was met „Isaak Slyk") ook hý wys
 daarop dat hy die verhaal uit die mond van (hierdie keer twintig) ooggetuies
 het: „En toe het ek die storie weer gehoor ... van oom Hendrik en sy vrou
 en van sowat twintig ooggetuies wat ... die hele gebeurtenis van begin tot
 einde aanskou het". (Die huis van die vier winde, bl. 76).

Die eintlike verhaal van „Jonkheer van der Made tot Zevenster"
 word voorafgegaan deur die gebeure by die landboutentoonstelling. Hier tree
 die verteller self as ooggetuie op:- bl. 125 : „Ek kon sien dat hulle vreemde
 besoekers is"; bl. 126: „Nooit het ek drie mans so verleë gesien ...
 nie"; bl. 127: „Nooit in my lewe het ek so 'n reus gesien nie". Die „storie van
 die manslag wat Jonkheer van der Made tot Zevenster op Koelte gepleeg het",
 die eintlike verhaal, word aan Dirk van Breda toegeskrywe (bl. 129). Hoewel
 hý nie self ooggetuie van die gebeure was nie, verneem ons op bl. 131: „Twee
 jong Naturelle was by een van die agterluik waar hulle deurgeloer en die
 hele voorval van die begin tot die einde gesien het."

„Die eerste berig omtrent die spookskip" (Die huis van die vier
 winde, bl. 133) in „Die vliegende Hollander" word meegedeel deur ou Abdol -
 wat hier as „dramatized narrator" (The Rhetoric of Fiction, bl. 153) optree.
 Ook hy gebruik die woord sien opvallend dikwels:- bl. 143: „Dit was so donker
 dat 'n mens min op die water kon sien; maar toe ons staan en loer, roep Tarries
 uit: ‚Daar is hy ...' ". „Nadat Tarries so geskreeu het, Sieur, toe sien ons
 alvier iets ... Sieur weet, net buite die Poort ... waar 'n mens dikwels in
 die oggend vroeg 'n draaiende mispilaar kan sien ... net daar het ons iets

gesien „Ons het dit nie meer as tien tellings in die oog gehad nie, toe word alles deur miswolke en reënvlae . . . ingesluit en ons kon niks meer sien nie. En toe sê Knoppies: „Die een wat die skip eerste gesien het, gaan altyd binne 'n week dood' ”.

„Die leeus van Magoeba” word vertel deur 'n „undramatized narrator” (The Rhetoric of Fiction, bl. 151). Dat ook hierdie verteller ooggetuie van die gebeure was, word 'n enkele keer subtiel aangedui en wel as ons lees: „As Boelalatata in die Gothla oor towery begin uitwei, kon 'n mens die vet op die lyf van Magoeba sien rittel en drill” (Die leeus van Magoeba, bl. 11). Ook die plastiese beskrywing van „die groot dans van die jong meide” op bl. 16-17 versterk die indruk dat die verteller die gebeure persoonlik waargeneem het. Dis egter begryplik dat die verteller in hierdie verhaal nie te sterk op die voorgrond kan tree nie: hy wend immers die taal van 'n blanke volk aan, terwyl die gebeure eintlik die afwesigheid van so 'n kultuurmens veronderstel.

In „Mvubu (die seekoei)” is veral die wyse waarop die verteller telkens deur ou „Stemmer” as ooggetuie ingeroep word in hierdie verband van funksionele betekenis. So lees ons op bl. 50 van Die leeus van Magoeba: „. . . na hy 'n bietjie rondgekyk het . . . wys hy my waar 'n lat van 'n tak afgesny is”, en weer in die volgende paragraaf: „. . . en hy wys my die spore van die muil. . .”. Op bl. 52 staan daar weer: „. . . hy wys my die spore so duidelik dat ek dit uiteindelik ook insien hoe die muil op sy agterpote omgeswaai het'”, en: „Hy wys my waar hy weer die klipplaat oor is. . . .”. As ou Stemmer op die twee blare afkom wat van die Jood se lat afkomstig is, „. . . lê hy hulle op die palm van sy hand om my te toon” (bl. 58). As hy op bl. 59 die lat self optel, staan daar: „Hy toon my dit sonder woorde . . . asof hy my werklik die hele geheim blootlê”. So roep ou Stemmer telkens die verteller in as mede -, dus bevestigende ooggetuie van die waarneminge waarop hy sy bevindinge baseer. Hierdie voortdurende optrede as ooggetuie van die kant van die verteller bereik 'n hoogtepunt op bl. 60 as die ou Kaffer 'n plat klip saggies op die sand van „Mvubu” neersit. Dan volg hierdie eensinparagraaf: „En toe sien ek ! ” (bl. 60). En in die slotsin van „Mvubu. (die seekoei)” tref ons die verteller nog vir ouslaas aan as oog- en oorgetuie: „Lank het Clarke hom bekyk met 'n tandeknersing wat seker sigbaar as dit nie hoorbaar was nie”(bl. 61).

8. DIE VERTELLER EN DIE „GELEERDE“ OF „VREEMDE“ WOORD EN ERUDISIE AS GELOOFWAARDIGE ELEMENT

Ten einde die geleerdheid van sy vertellers te demonstreer, maak Marais ook van die tegniek gebruik om hulle periodiek die een of ander „geleerde“ woord of kultuurwoord in die mond te lê – ook in verhale waarvan die vertellers nie so eksplisiet as geleerdes aangedui word nie. Die kultuur- en wetenskaplike woorde en uitdrukkings wat Marais se vertellers besig, verhoog dus die geloofwaardigheid van hulle vertellings.

Sulke kultuurwoorde kom selfs voor in 'n werk soos Burgers van die Berge – wat oor die natuurdinge handel. Iets hiervan het ons reeds op bl. 35 van hierdie werk: „Al wat hulle in so 'n geval doen, is sauve qui peut ... “. 'n Ander dergelike voorbeeld van so 'n uitdrukking uit die kultuurwêreld vind ons op bl. 88 van hierdie werk oor die natuurdinge: „Skielik was daar 'n basso-profundo – uitroep deur een lid van die ou raad ... “

In die inleiding tot die bloemlesing Uit die verhaalskat van Eugène Marais maak prof. P.D. van der Walt die volgende opmerking omtrent die gebruik van 'n woord soos solemnele (Die huis van die vier winde, bl. 11) : „Sulke oorspronklike leenwoorde uit Frans is deel van ons Nederlandse erfgoed in Afrikaans, en dit is opvallend dat Marais van hierdie woorde vrylik gebruik. In die opgenome stukke kom bv. voor: solemnele, penetreer, battalje, onpassabel, tumult, arrangement, rekluse, gepasseer, misterieuse, majestueuse, limiete, nobeles, affront. “ Waarskynlik is die verklaring vir hierdie „opvallende“ gebruik van woorde van Franse herkoms in Marais se verhale geleë in sy strewe om sy vertellers as kultuurmense en daarom betroubare verteller te tipeer. Trouens, sulke woorde is by tydgenote van hom, soos Celliers en Totius, verreweg nie so talryk nie. In „Die huis van die vier winde“ (Huis, bl. 17) tref ons ook nog die uitdrukking à propos aan (wat eweneens uit Frans afkomstig is). Die feit dat Marais sy skoolopleiding deur medium van Engels ontvang het, kan natuurlik ook as verklaring dien. (vgl. Literatuurgeskiedenis, bl. 54) So ook invloed van Preller: kyk Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, bl. 120 en 164. Tog verrai die gebruik van sulke

woorde myns insiens ook iets van Marais se werkwyse as prosaïs. Ook Marais se gebruik van woorde van Frans herkoms verleen aan sy vertelstyl 'n deftigheid waardeur die erudisie van sy vertellers aangedui word.

Ook die verteller van „Izaak Slyk” besig die kultuurwoord dénouement (Huis van die vier winde, bl. 23).

Voorbeelde van sulke „geleerde” woorde wat deur die verteller van „Die spookbul van Farellone” gebruik word, is die volgende: nonchalance (Die huis van die vier winde, bl. 35), märchenhafte – kleurspel (id., bl. 36), raconteur (id., bl. 51), oureool (id., bl. 64), eksultasie (id., bl. 67). Daarbenewens word die woord märchenhaft ook deur Margaret du Plessis (die verpersoonlikte verteller van 'n gedeelte van die verhaal) gebruik (id., bl. 41). Sy gebruik ook die Franse uitdrukking joie de vivre op bl. 39. Verder word die erudisie van die verteller ook nog gedemonstreer deur sy aanwending van naturellebenaminge soos Phiri e bona bosigo (id., bl. 44), Radi-Nari (bl. 55 e. a. p.), sehlare-mosu (bl. 56).

Die uitdrukking à propos kom ons ook in „Salas y Gomez” teen (Die huis van die vier winde, bl. 75). Dit word deur die verteller van die verhaal gebesig. Dat ook Hendrik du Preez, die „eintlike” verteller van hierdie verhaal, meer as net sy eie taal ken, blyk in dieselfde paragraaf uit sy verklaring van die naam Ra-di-Nosi. Op bl. 80 vind ons selfs 'n hele sin in 'n naturelletaal: „Ramagadi, Morena ! Mosadi so, Morena Ramagadi ! Ramagadi, Morena ! ” En op bl. 96 besig die verteller nog eens 'n „vreemde” woord, t. w. : sehnsucht. Op bl. 99 staan die wetenskaplike woord claustrophobia. Sommige van Marais se vertellers besig woorde en uitdrukkings wat afkomstig is uit twee of drie verskillende tale.

In die vierde paragraaf van „Jonkheer van der Made tot Zevenster” besig die verteller die kultuurwoord mise en scène by die beskrywing van die toneel van 'n landboutentoonstelling.

In sy „verslag omtrent die vergaan, 'n paar eeue gelede, van 'n groot skip in die nabyheid van Silwersand” (Die huis van die vier winde, bl. 146),

gebruik Olof Bergh (wat hier eintlik as verpersoonlikte verteller optree) die woorde ex officio en Custos Honorarius" (id., bl. 148). Die verteller besig op sy beurt die volgende „geleerde" woorde: facsimilé (bl. 149), najade (bl. 164), mise en scène (bl. 179) (op die rede waarom Marais so dikwels woorde uit die wêreld van die drama gebruik, kom ek later terug), kalamiteit (bl. 179), congé (bl. 182), post mortem (bl. 189).

Die verteller van „Mvubu (die seekoei)" gee eweneens deur sy woordgebruik blyke van erudisie: coulisse (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 313), pied a terre (id., bl. 32), kronieke (bl. 39), à propos (bl. 54).

In „Afrikanerbeeste" tref ons die volgende aan: perdedresseur (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 63), gevoelspier (bl. 79), tumult (bl. 83).

Voorbeelde van dergelike woorde en frases in „Diep Rivier" is die volgende: in propria persona (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 88), arrangement (bl. 97), rekluse (bl. 110), dénouement (bl. 111), resitatief (bl. 118), euphorbia (bl. 128) (gebesig deur Boy, die verpersoonlikte verteller van „die storie van die towery op Avonduur"), vasalle (bl. 134), fontanel (ibid.)

Woorde in „Die boom in het midden van den hof" wat in hierdie verband van belang is, is: Mefistofelistiese (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 162), ewentuele (bl. 169), nebulae (bl. 171).

Die verteller van „Die wit uil" besig reeds in die eerste paragraaf die uitdrukking ein Wanderer auf dem letzten Wege (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 174). Verder in die verhaal tref ons die volgende min of meer „geleerde" woorde aan: nuanses (bl. 178), coma (bl. 181), petite (bl. 189), albino (bl. 192).

Ook die vertellers in Laramie, die wonderwerker toon 'n neiging tot die „geleerde" of vreemde woord: kavalkade (bl. 2), scènes (bl. 12), coulisse (bl. 13), seance (bl. 30), trance (bl. 33), levitasie (bl. 33), repertoire

(bl. 42), de facto (bl. 50), fait accompli (bl. 79), somnambulisme (bl. 106), ceintuur (bl. 112), dénouement (bl. 116), telepatiese (bl. 138).

In „Wonderbaarlike speurvernuf van jong Afrikaner" (opgeneem in Uit die verhaalskat van Eugène Marais) verklaar die verteller: „Ek sal die storie so eenvoudig moontlik vertel, sonder enige poging om dit märchen - agtig te maak" ¹⁾

Die verteller van „Die brief van Nooitgedacht" gebruik weer die woord solemneel (Die stem van die storieverteller, bl. 73).

Ook deur die verwysing na figure en sake uit die mitologie word die erudisie van Marais se vertellers soms aangetoon.

So vind ons reeds in Burgers van die berge 'n verwysing na „Marcissus van ouds" (bl. 50). En in „Die spookbul van Farellone" staan daar: „Met haar trotse houding het sy my herinner aan 'n Walkure wat oor haar dappere op die slagveld die wag hou" (Die huis van die vier winde, bl. 64). Nog 'n voorbeeld van hierdie tegniek vind ons op bl. 108 van Die huis van die vier winde wanneer ons verneem dat die nag vroeër vir Hendrik du Preez „'n gebenedyde deurwading van die stroom van Lethe was" („Salas y Gomez"). In „Die vliegende Hollander" weer, lees ons dat Pedro „in sy siel reeds die onwrikbare doodspyn van Artemis dra" (bl. 188). Ook die „Diep Rivier" van die slotsin van die gelyknamige verhaal sowel as die „Donker Stroom" van „Die wit uil" (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 188) is waarskynlik verwysing(in 'n ander verband) na die „Lethe" van „Salas y Gomez". Ook Laramie, die wonderwerker bevat 'n enkele verwysing na die mitologie, t. w. dié op bl. 75: „Die heerlike winterdae in die middel van die Groot Vlakte het in die loop van tyd vir ons die gevoelens verwesenlik van Homerus se lotus - eters".

Iets anders waardeur die erudisie van Marais se vertellers en van die skrywer self gedemonstreer word - ten einde ons vertrouwe in hulle geloofwaardigheid te verhoog - is die verwysing wat hulle maak na persone en

1) Onderstreping van my.

motiewe uit die letterkunde, musiek en kuns van ander volkere. So lees ons byvoorbeeld in „Die spookbul van Farellone" van „...die wonderkleur wat ewig aan die naam van Titiaan verbonde is" (Die huis van die vier winde, bl. 36). Twee van Marais se verhaaltitels bevat verwysing na die Europese letterkunde. Die titel van „Salas y Gomez" (bl. 73) verwys na die „skoonste gedig" waarin „Chamisso die lewe van 'n Spaanse edelman, die enigste ontkomeling uit 'n skipbreuk", beskrywe (voetnoot). Die titel van „Die vliegende Hollander" bevat op sy beurt 'n verwysing na die skip wat „in alle tale bekend" is. (bl. 142). Selfs Hendrik du Preez, die „eintlike" verteller van „Salas y Gomez", beskik oor 'n mate van literêre insig en kennis: sy liefde vir en kennis van „die verbode Gesange", waarvan ons lees: „... hy het moeite gedoen om die skone gedigte aan haar (d.w.s. aan Racheltjie) uit te lê en oor te tolk soos die ou Hollandse matroos dit aan hom gedoen het" (Die huis van die vier winde, bl. 83)

Dat die verteller van „Mvubu (die seekoei)" op sy beurt weer kennis dra van ten minste die speurverhaal, blyk uit sy opmerking op bl. 54 van Die leeus van Magoeba; „... met 'n glimlag kom die gedagte by my op dat die wonderlike opmerksaamheid van die ou Kaffer hom vir 'n roman - speurder bevoeg maak". Die verteller van „Diep Rivier" verwys op sy beurt weer na die klassieke beeldhoukuns as hy verklaar: „Ek herinner my dat die oortuiging by my gesterk is dat die Griekse kunstenaar van ouds nooit 'n skoner fontanel vir die gieting van sy brons Aphrodite ontwerp het nie" (bl. 134). „De boom in het midden van den hof" het as motto drie aanhalings, waarvan twee uit Goethe se Faust afkomstig is. Deur hierdie tegniek word o.a. die indruk geskep dat die persoon wat verantwoordelik was vir die optekening van die gebeure iemand is wat ten minste hierdie klassieke werk uit die Duitse letterkunde ken. Dat dit waarskynlik ook van die verteller self geld, word subtiel op bl. 151 aangedui as hy van Stoffel Seebul opmerk: „Sonder die minste grimering kon hy as die groot klassieke persoonlikheid optree. Bo-aan „Die winde uit die woestyn" staan dat hierdie verhaal afkomstig is „uit die Arabiese reisverhaal van Abool en Nara ... " (bl. 193). Dat ook die verteller van hierdie verhaal 'n kenner is van ten minste die letterkunde wat tot sy eie kultuurwêreld behoort, blyk uit sy verklaring op bl. 199: „Die pen van 'n Hafiz sou dit verg om die droomagtige skoonheid enigsins weer te gee". Hafiz was, blykens die

voetnoot, „'n beroemde Mahammedaanse digter". Verder word die erudisie van die verteller op bl. 206 van dieselfde werk aangedui deur sy verklaring van die woord koran.

In „Laramie en sy agterryer" uit Laramie, die wonderwerker, word 'n verwysing na 'n ander klassieke figuur uit die wêreldletterkunde, nl. die „Edele Ridder van La Mancha" (bl. 5 e.a.p.) deur die verteller in die mond van een van die karakters gelê. Laramie self verwys na die Duisend-en-Een-Nagte (bl. 19) en op bl. 37 na „die beroemde Engelse skrywer, sir Arthur Conan Doyle". Die verteller verwys op sy beurt weer na „Homerus se lotus-eters" (bl. 75). Ook dr. Roubaix, die verteller van „Die pad van drome" uit Laramie, die wonderwerker, verwys op bl. 108 na die Duisend-en-Een-Nagte.

Ook die Nederlandse gesprekke in „Jonkheer van der Made tot Zevenster" (Die huis van die vier winde, bl. 125 - 126, 128, 130, ens.) sowel as die gedeeltelike weergawe van die verslag van Olof Bergh in „Die vliegende Hollander" (id., bl. 147 - 148) in die „oorspronklike" Nederlands, verleen aan hierdie verhale 'n indruk van egtheid waardeur hulle geloofwaardigheid verhoog word.

9.

DIE NUGTER GETUIE

Marais maak in sy vertellinge nie slegs van vertellers gebruik wat self oog- en oorgetuies van die gebeure is of was nie maar binne sy verhaal-wêreld is daar ook dikwels ander karakters wat optree as sulke getuies van die gebeure. Ook hierdie getuies dra daartoe by om die geloofwaardigheid van die gebeure wat meegedeel word te verhoog. Om hierdie funksie te kan vervul, beskik hulle dan dikwels oor veral die nugterheid en die intelligensie wat ons reeds as kenmerke van die vertellers self aangedui het.

Ons tref in Marais se vertellinge dikwels een of meer „nugter getuies” van die gebeure aan.

Hierdie nugter getuies gee soms uitdrukking aan 'n houding van on-geloof – waardeur 'n dergelike houding by die leser ondervang word. In „Die reënbul” (Dwaalstories, bl. 27 e. v.) gee die hoofkarakter, Nampti, en haar suster, die Valkvlerk, blyke van hierdie nugterheid. As Nampti die eerste keer die „miswolk” sien (bl. 29), dink sy: „Dit is die trane in my oë”, en as sy die „lied” hoor, skryf sy dit aan die wind toe (bl. 30). En as sy die vreemde gebeure by die waterkuil aan haar ouma en haar suster meedeel, is laasgenoemde se kommentaar: „Jy hoor dinge, en jy siet ander dinge wat nie is nie. Dit is jou dinksnare” (bl. 30). Deur hierdie reaksie van haar kant word die ongeloof by die hoorder as't ware ondervang. Hierdie ongeloof word nog eens verwoord as die Valkvlerk na aanleiding van Nampti se vertelling van haar ervaring met die jong jagter opmerk: „Die meisie droom as die son skyn” (bl. 31). Die Valkvlerk gee dan ook tot aan die einde van die vertelling 'n nugter verklaring vir die gebeure: „My suster het weggeloop vlakke toe. Haar laaste spoor was by die water.”

Ook in Burgers van die Berge tref ons sulke nugter getuies aan. Van Willem van Staden en Gys van Rooyen verneem ons: „..... tog moes hulle die dag 'n skouspel van bobbejaangedrag gewaar wat hulle albei nooit sou geglo het as hulle dit nie met hulle eie oë gesien het nie” (bl. 72). En op bl. 75 verklaar Van Staden self, nadat hulle die toneel by die kleigat aanskou het: „....

as iemand my dit vertel het, sou ek dit nie geglo het nie". Weer word die reaksie wat normaalweg by die leser te wagte kan wees deur 'n figuur in die verhaalwêreld verwoord en dus só ondervang.

As Oreade Hansen in „Isaak Slik" haar ontdekking aan haar man bekend maak, staan daar: „Volgens manskewoonte het hy haar uitgelag en al haar wonderlike logika as 'n verdigsel beskou" (Die huis van die vier winde, bl. 32). Hy laat hom egter oorreed om saam met haar die pilaar te ondersoek - waar hulle dan ook die trommel geld ingemessel vind. So word ook hierdie nugter manskens getuie van die verbasende gebeure wat op Gannapan plaasgevind het.

In „Die spookbul van Farellone" tref ons weer so 'n nugter manskenspersoon aan. In die loop van haar vertelling verklaar Margaret du Plessis omtrent Armand, haar man: „Dan moet ek vertel dat hy persoonlik daar vas van oortuig is dat die agterdog wat by my ontstaan het net uit my lewendige verbeelding gebore is...." (Die huis van die vier winde, bl. 43). Ook hierdie nugter persoon word later getuie van die korrektheid van Margaret se vermoedens. En as Margaret op bl. 49 van hom verklaar: „... hy wil niks glo nie. Hy lag my uit ...", word ons nog eens met 'n karakter binne die verhaalwêreld gekonfronteer wat deur sy optrede moet dien om 'n reaksie van on geloof by ons as lesers te voorkom. Op bl. 51 verklaar hy self: „Ek hoop net dat my vrou aan u duidelik gemaak het dat ek haar sienswyse glad nie deel nie. Sy het maar altyd 'n lewendige verbeelding gehad en ongelukkig het 'n paar toevallige gebeurtenisse dit in die laaste tyd gaande gemaak". Ook uit sy heftige reaksie op Ou-April se verwysing na Ra-di-Nari blyk Armand se besondere nugterheid (bl. 55). Hierdie nugter houding handhaaf hy dan ook konsekwent. Op bl. 69 merk hy nog op: „Kolonel, jy het seker nog nooit spookbiltong geproe nie. As ons Ra-di-Nari kry, sal ons die biltong gelykop verdeel". 'n Rukkie vroeër het die verteller egter m. b. t. tot Armand se grappies opgemerk: „..... ek dink sy vrolikheid was van dieselfde aard as die opgeruimdheid van die reisiger wat luidrugtig 'n psalm fluit, wanneer hy snags die ou begraafplaas nader ! " Dat dit van die nugtere Armand gesê kan word, het geweldige trefkrag !

Die getuies van „die manslag wat Jonkheer van der Made tot Zevenster op Koelte gepleeg het" (Die huis van die vier winde, bl. 129) was twee jong naturelle wat by een van die agterluike deurgeloer en „die hele voorval van die begin tot die einde gesien het" (bl. 131). Van nugterheid by hierdie getuies lees ons egter niks nie.

Marais dryf egter hierdie nugterheid nie te veel op die spits nie – waardeur die betrokke karakters nie blote tipes word nie. In „Die vliegende Hollander" tree professor Paul de Ridder op as nugter getuie. Sy nugterheid word reeds aangedui as hy hardop lag vir Tarries se „aaklige geril" (Die huis van die vier winde, bl. 140). En hoewel hy op bl. 142 verklaar dat daar miskien meer waarheid in die geskiedenis van die spookskip is „as 'n gewone mens geneig sou wees om by die eerste kennismaking te glo", is sy benadering van dié toegewing aan die bonatuurlike hier en verder opvallend lughartig. Deur die kontras tussen hom en die Kleurlingkarakters word sy nugterheid gedemonstreer. Na die eerste ontmoeting met die vreemde gedaante staan daar byvoorbeeld: „... hy kon uit die eerste antwoorde aflei dat hulle onder die vaste indruk verkeer dat hulle 'n ontmoeting met die onheilspellende Spook van Silwersand gehad het" (bl. 146). Nadat hy die geskiedenis van die Van der Poel- familie gelees het, staan daar: „Dat daar so iets as 'n vloek oor die geslagte van 'n familie kan opereer, het sy wetenskaplike opleiding dadelik verwerp" (bl. 155). Weer word sy nugterheid egter nie te veel op die spits gedryf nie. Bostaande aanhaling word naamlik gevolg deur die uitroep: „En tog ! ... " Dit gebeur ook op bl. 158: „Die gedagte aan iets bonatuurliks het hy veragterend probeer verwerp, maar trots al die pogings van die wetenskaplik ontwikkelde professor het daar reeds 'n gevoel van geheimsinnigheid, van iets onuitlegbaars in sy gemoed posgevat. Aan die spookskip het hy geen geloof geheg nie " Weer word sy nugterheid nie só op die spits gedryf dat dit karikaturaal word nie. Op bl. 159 word prof. De Ridder se nugterheid egter weer skerp gekontrasteer met Tarries se bygelowigheid: Vir laasgenoemde bestaan daar geen twyfel dat die gedaante wat hy en sy baas op die strand gewaar het „na 'n spook gelyk het" nie. En as Tarries op bl. 162 verklaar dat die gedaante in die lug gesweef het, is hierdie bewering vir dr. De Ridder een van twee dinge: „'n verbeeldingstoer of 'n leuen". Weer

handhaaf Marais egter die balans: dat ook prof. De Ridder nie sonder verbeelding is nie, blyk op bl. 163 as hy „... in sy verbeelding duidelik die magtige uitgestrektheid van ysberge sien". Die vergaan van „De zeven Maagden" sien hy eweneens in sy verbeelding (bl. 163). Op 'n verdere funksie van hierdie verbeeldingsvlugte, asook van die „vleuelvaart van grou tonele" wat op bl. 179 deur prof. De Ridder „se herinnerende verbeelding" beweeg, kom ek in hoofstuk 11 terug.

Agulha de Villiers vervul in „Die vliegende Hollander" die funksie van 'n nugter getuie. Wanneer prof. De Ridder sy eerste besoek aan Zuiderzicht aflê en mev. Van der Poel vertel van die onbekende jongman wat hy op die strand teëgekom het, is mev. Van der Poel se kommentaar: „In stormweer is dit maklik vir die menslike verbeelding om gedaantes te voorskyn te roep" (bl. 169). Tydens sy tweede besoek aan Zuiderzicht wys prof. De Ridder egter pertinent daarop dat ook Agulha hierdie keer die jongman gesien het – en hy voeg dan by dat: „... u dadelik sal toegee dat dié keer daar geen moontlikheid van verbeelding kon gewees het nie" (bl. 181).

Die „nugterheid" wat ook Petrus aan die dag lê as hy verklaar: „... ek glo niks aan 'Die vliegende Hollander' nie. Ek het daar nooit aan geglo nie. Dit is net 'n plan om my tot selfmoord te dwing ! " (bl. 193), het 'n besonder ironiese klank: hy weier om aan die „Vliegende Hollander" te glo; tog glo hy aan die „stemme" op die aandrang waarvan hy al verskeie male die strand besoek het. Dat die verteller egter, soos ook prof. De Ridder, blykbaar wel aan die bestaan van die „Vliegende Hollander" glo, blyk uit die slotparagrafe van die verhaal. Daar is dus, wat hierdie aspek van Marais se verhaalkuns betref, 'n interessante en subtiële balans in die onderhawige verhaal.

In „Afrikanerbeeste" is Gool Winterbach die nugter getuie van hoe ou Hendrik en sy trop beeste daarin slaag om aan die Engelse te ontsnap. Sy nugterheid word vir die eerste keer op bl. 70 (van Die leeu van Magoeba en ander verhale) aangedui as ons verneem dat hy die „stories" omtrent ou Hendrik en sy beeste meestal as verdigsels beskou het. In die volgende paragraaf word dit beklemtoon: „..... dit was vir hom eenvoudig onmoontlik om te glo dat enige mens op aarde 'n trop wilde Afrikanerbeeste so kan beheer". Weer word

die reaksie van ongeloof wat by die latere gebeure van die kant van die leser te wagte is deur die verteller vooruitgeloop, en aldus kragteloos gemaak.

Ook „Diep Rivier” werk met so 'n nugter getuie. Hier is dit kol. Sois de Ville. Sy nugterheid blyk uit sy antwoord op Boy van Niekerk se vraag of hy aan towery glo: „Natuurlik glo ek in towery nie juis Naturelletowery nie, maar ek het byvoorbeeld 'n groot, sterk reus van 'n jong man sien rondspring en dans om die bevele uit te voer van 'n tingerige klein meisie” (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 90). Dat ook Boy bewus is van sy nugterheid, blyk uit sy reaksie: „Ja, ek weet dit sou jou antwoord wees”.

Die dinge wat in „De boom in het midden van den hof” plaasvind, wentel insgelyks om die persoon van so 'n nugter figuur, nl. die ou heer Herman Scalinge. So verklaar hy byvoorbeeld op bl. 153 teenoor Stoffel Seebul: „.... ek is te oud om vermaak te skep uit towerstories”.

Laramie, die wonderwerker bevat 'n baie mooi voorbeeld van 'n karakter wat optree as nugter getuie. Ek dink hier aan Issy Wasserman, van wie ons lees dat hy aanvanklik geweier het om Laramie se „wonderlike ontdekking” te besigtig omdat hy „nie langer 'n kind” was nie (bl. 81). Op bl. 83 word sy nugterheid nog eens beklemtoon: „, Dit is kinderagtig’, mompel Issy, maar nietemin laat hy Skat toe om hom na die stoepkamer te lei”. Hierdie selfde nugter getuie word later die een wat „met groot gebare” aan die verteller meedeel wat die ontdekking is !

Die karakters wat in Marais se vertellings as getuies optree, is dikwels ook besonder intelligent – sodat ons as lesers soveel meer geloof aan hulle „getuienis” kan heg.

In „Die wegraak van Sannie” luister Sannie en tant Driena die gesprek af tussen oom Hendrik en Oom Dooris (as gevolg waarvan Sannie se huweliksplanne in die wiele gery word). Hier tree hulle dus op as oorgetuies van hierdie motoriese insident in die gang van die verhaal. Van Sannie ten minste weet ons dat sy „'n wakkere en lewendige verstand” gehad het (Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie, bl. 88).

In Burgers van die Berge tref ons voortdurend die name van getuies aan. Van die wonderlike bobbejaantjie waarvan in hoofstuk 2 vertel word, lees ons: „Die heer Linsley en sy metgeselle het saamgestem dat die diertjie 'n kruising tussen 'n naturel en 'n bobbejaan was” (bl. 27). In hoofstuk 3 is dit weer ene mnr. Austin en „die heer Dolf Snyder” wat as getuies optree. In hoofstuk 5 word vertel van die gevaarlike weg waarlangs die bobbejane van en terug na die grot gereis het. Die verteller bestempel hierdie prestasie van die bobbejane as „. . . . 'n voorval wat kommandant Wessels en ek elke dag met onverfloude belangstelling aanskou het” (bl. 50 – 51). Op bl. 55 word vertel van die eerste keer wat die verteller verneem het van die vang van 'n klein diertjie deur bobbejane. Getuie hiervan was dr. Zboril, 'n neef van kaptein Zboril, „wat jare lank aan die hoof van ons Staatsartillerie was”. Dat Zboril self ooggetuie van die „sonderlinge voorval” was, word geïmpliseer deur die opmerking (m. b. t. die bewering van die volk dat drie of vier kleintjies dikwels op die rug van die groot ram gery het): „. . . . maar dit het dr. Zboril self nooit gesien nie” (ibid). Van die „Bokpoort- voorval” was Willem van Staden en Gys van Rooyen die getuies (bl. 64 e. v.). Die voorval met die mamba beleef ons verteller weer in geselskap van „mnr. Van Rooyen” (bl. 66 e. v.). Op bl. 69 keer Van Rooyen terug nadat dit hom bygeval het van die moontlikheid dat die dokter die uitdraaipad onwetend kon verbygegaan het en is hy „. . . . net betyds om ooggetuie van 'n verskriklike skouspel te wees”, t. w. van hoe dr.

Corkery die afgrond afstort. Op bl. 72 kom ons Willem van Staden en Gys van Rooyen weer teë. Hierdie keer word hulle intelligensie as getuies veral m.b.t. die onderhawige gebeure, eksplisiet aangedui: „Wat die twee here nie van wilde diere geweet het nie, was nouliks die moeite werd....". Van die feit dat „.... daar geen sprake van getalkennis by die bobbejaan is nie" (bl. 92) is „mnr. Van Heerden" getuie.

Van die gebeure in „Isaak Slyk" verklaar die verteller: „Ek het verskeie ooggetuies die voorval hoor beskrywe" (Die huis van die vier winde, bl. 22). Van een van hierdie ooggetuies, Oreade Hansen, word ons meegedeel: „Wat verstandsvermoë betref, was sy klaarblyklik buitengewoon...." (bl. 23).

Die vernaamste getuie van die gebeure in „Die spookbul van Farel-lone" is natuurlik die speurder, De Ville, self. Dat hy 'n besonder intelligente mens is, word in die aanvangsparagrafe sterk onder ons aandag gebring, waar vertel word van sy „veldkennis oor die algemeen", sy vertrouetheid met die taal en gewoontes van die Naturelle, sy „verkennersgenie", en sy „kennis van die karakter, gewoontes en tale van ons vernaamste Naturelle-stamme" (bl. 33). Ook sy intelligensie is dus, in 'n verhaal waarin naturellebygeloof 'n belangrike element is, 'n „ad hoc- intelligensie".

Van Racheltjie, die vrou van die hooffiguur van „Salas y Gomez", lees ons: „En wie sou ooit kan dink dat 'n meisie so diep verstandig kon wees? - 'n Ingewikkelde saak so gou en so grondig deursien...." (Die huis van die vier winde, bl. 82). Sy is dus, as getuie van die gebeure in die onderhawige verhaal, 'n besonder intelligente figuur. Dit blyk verder uit die slotparagrafe as sy „met die gewone fynheid van vroulike deursig" daarin slaag om Hendrik se gemoed te „ontsyfer" en sodoende die arme Willem Prinsloo se lewe red (bl. 124).

Die vernaamste getuie van „Die vliegende Hollander" is natuurlik die hoofkarakter, professor Paul de Ridder. Sy intelligensie word in die aanvangsparagrafe van die verhaal sterk onder die leser se aandag gebring: Daar staan byvoorbeeld op bl. 134 (van Die huis van die vier winde): „.... die genialiteit wat hom ingebore was, het spoedig vanuit sy donker en somber

omgewing soos 'n opgaande ster uitgeblink. Hy het in vaktydskrifte begin skrywe en met die plasing van sy eerste stukke het hy die aandag van die hoogste ampsbekleders in die vak op hom gevestig". In hierdie verhaal word die betroubare getuies skerp gekontrasteer met enkele onbetroubares. Ons lees byvoorbeeld op bl. 138 dat Knoppies en Gap – op die beskuldiging dat dit hulle was wat weggehol het – die kok, Kandas, tot getuie roep. Van laasgenoemde se „skelmagtigheid" het ons egter pas in die voorafgaande paragrawe 'n goeie staal gehad.

Agulha, wat op bl. 166 verklaar dat sy (in haar pogings om die spookskip te sien) verskeie male iets gesien het „wat my verbeelding op loop laat sit het", is ook 'n besonder intelligente persoon: sy het „'n verstand lewendig en snel soos 'n druppel kwik op glas" (bl. 170). Enkele bladsye verder is sy dan die een wat vertel van die geheimsinnige gesig wat by haar venster verskyn het. As prof. De Ridder voorstel dat hulle dadelik die nagtelike besoeker moet agternasit, motiveer hy sy versoek dat Agulha moet meedoen soos volg: „... ek maak die voorstel aan u, Agulha, omdat ek voel dat u nie bang is nie en ek wil bowendien so baie intelligente getuies hê as wat ons bymekaar kan kry" – die tweede gedeelte van hierdie sin is voorwaar insiggewend met die oog op Marais se verhaaltegniek ! – So word ook sy getuie van die verskyning van die „spook" van Silwersand (bl. 178). Ook haar intelligensie is „ad hoc" : M.b.t. die verhaal van die Vliegende Hollander „... was haar kennis baie uitgebreider as dié van dr. De Ridder" (bl. 171).

In „M'vubu (die seekoei)" rekonstrueer ou Stemmer, aan die hand van sy waarnemings, die Jood se rit per donkie tot by die rivier en hoe hy daar aan sy einde gekom het (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 50 – 52). Hierdie „getuienis" word in die mond gelê van iemand van wie se vernuftigheid ons reeds vooraf duidelik verseker is: „... in die meeste gevalle moes ons gebruik maak van die eienaardige vernuf en kennis van ou Stemmer" (bl. 33); „weer het ou Stemmer ons verbaas met die vernuf waarmee hy die getal, die trekrigting en die toestand van die aankomende vee afgelei het..." (bl. 38).

In „Afrikanerbeeste" word Gool Winterbach getuie van die wyse waarop ou Hendrik sy trop Afrikanerbeeste gebruik om 'n pad deur die vyandelike linies te baan. Sy betroubaarheid as getuie word in die aanvangsparagrawe ten

oorvloede aangedui – ook dat dit onder meer die gevolg is van intelligensie. So staan daar: „... hy kon bowendien die waarneminge van sy byna bonatuurlike skerp sintuie snel rangskik en in praktiese gebruik stel" (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 62 – 63). Hy is, as beroemde „perdedresseur" (bl. 63) bo uitnemendheid geskik om 'n voorval te beoordeel waarin die verhouding tussen mens en dier 'n belangrike gegewe is.

Die wyse waarop Sois en Paul in „Diep Rivier" as getuies fungeer, word mooi gedemonstreer deur die gebeure rondom die eerste verskyning van 'n slang na hulle aankoms op Avonduur. Só roep Boy hulle toe by die eerste tekens van die slang: „Kyk ! Kyk ! " (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 104). En ná die voorval vra Boy eerstens aan Sois (dus nie eers aan die verteller nie): „Vertel my, Sois, presies wat jy gesien het?" (bl. 105). Dus kry ons eerstens die getuienis van 'n ander karakter as die verteller. Dat ook Sois 'n intelligente (en daarom betroubare) getuie is word in die aanvangs-paragrafe van die verhaal onder ons aandag gebring – waar ons verneem dat hy 'n „gewese kommandant van polisie is" (met die rang van kolonel) en ook „'n vername krygsman" was.

Eerwaarde Hermann Scalinge, hoofkarakter en getuie van die gebeure in „De boom in het midden van den hof" is, ten minste ten opsigte van die blaar en die wortel wat Stoffel Seebul aan hom wil afsmeer, 'n intelligente en betroubare getuie. Hy dra naamlik kennis van die genesende krag van plante. Ons lees op bl. 147 (van Die leeus van Magoeba e. a. verhale): „Gedurende sy bediening op Drogebult het hy sy geringe kennis van medisyne vergroot deur die bestudering van bossies en kruie." Dis duidelik dat ons waarde kan heg aan die relaas van so iemand se ervarings met „die blad en wortel van Stoffel Seebul" (id., bl. 167).

Die sentrale gebeure in „Die vinde uit die woestyn" is die pogings van Nour ed Din om die graf van haar oorlede man droog te waai. Hiervan is niemand minder nie as die Sheik al Islam, Ali Ben Mora, ooggetuie. Van die „verbasende uitgestrektheid van sy kennis en wysheid" kry ons 'n staal op bl. 197 van die betrokke bundel. Die „eienaardige gesprek" wat so 'n kardinale

element in die intrige vorm, word deur die Shereef op gesag van „een van ons wysgere" (bl. 206) meegedeel.

In Laramie, die wonderwerker, word daar dikwels gebruik gemaak van intelligente getuies. Ons lees op bl. 6 van Skat Pretorius, wat in hoofstuk 7 en ook in hoofstuk 10 een van die getuies is as Laramie sy „wonderwerke" verrig: „Skat Pretorius het 'n tyd lank aan 'n Europese universiteit gestudeer. . . ." Maar ook die ander twee getuies van die tweede en die derde „wonderwerke", nl. Issy Wassermann en Alexander Duncan, is betroubaar. Op bl. 57 verneem ons van Issy se „bitsige slimheid". Alexander Duncan is „die Natalse suiker-koning" (bl. 58).

Laramie self verwys, wanneer hy sy lewensgeskiedenis meedeel, telkens na intelligente getuies. Die Lanzics, deur wie hy met verskeie ander „wonderwerkers" in aanraking gekom het, is deur „al die groot geleerdes van Europa . . . getoets en as eg verklaar" (bl. 20). By sy eerste kennismaking met Eusapia Palladina was „sommige van die vernaamste wetenskaplike groothede in die wêreld" teenwoordig (bl. 27).

Die vernaamste getuie van die gebeure in „Die pad van drome" is natuurlik die hoofkarakter, Donou Winterbach, self. Sy intelligensie is bo alles twyfel verhewe: „Nieteenstaande sy jeug het hy vroeg in die oorlog reeds die talente, vernuf en beleid van 'n hoogs geoefende krygsoffisier aan die dag gelê" (Laramie, die wonderwerker, bl. 103).

Hierdie (soms te opsigtelike) gebruik van getuies in Laramie, die wonderwerker hou natuurlik verband daarmee dat die dinge wat in hierdie bundel meegedeel word selfs vir 'n skrywer soos Marais hoogs sonderling is. Onwillekeurig kom dr. De Roubaix se woorde uit „Die huis van die vier winde" by 'n mens op: „By 'n voorval van hierdie aard hang alles van getuienis af. . . ." (Die huis van die vier winde, bl. 14).

11. DIE TEGNIEK VAN KONTRASTERING met die bonatuurlike, die droom, die verbeeldingsvlug en die verdigsel.

Die gebeure in Marais se vertellings word dikwels binne die verhaalwêreld gestel teenoor die bonatuurlike, die droom, die verbeeldingsvlug of die verdigsel. Die funksie hiervan word mooi aangedui deur die volgende aanhaling uit „Die vliegende Hollander”: „Soos die scenario van 'n rolprent het al die bedrywe van die groot toneel in die verbeelding van die dokter verbygegaan, met die werklike omgewing as 'n blywende agtergrond van die eeu-oue storie” (Die huis van die vier winde, bl. 163). In hierdie sin word die dinge wat prof. De Ridder in sy verbeelding sien, gekontrasteer met „die werklike omgewing” – ook van die onderhawige verhaal. Die „werklike” van die verhaal dien hier as agtergrond van die verbeelding. Maar die omgekeerde is ewe waar: die bonatuurlike, die droom, die verbeeldingsvlug, die verdigsel vorm dikwels in Marais se vertellings 'n agtergrond vir, of word gekontrasteer met die „werklike” van die verhaal self – waardeur die fiktiewe van die verhaal die voorkoms van werklikheid (dus van waarheid) verkry.

Reeds in „Margriet van Laastelust” tref ons so 'n aanwending aan van die skynbaar bonatuurlike. Die „spookgedaante” wat Margrieta onder die eikeboom gewaar (Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie, bl. 43), blyk later „ten minste van vlees en bloed” te wees (bl. 48). So word die spookgedaante wat Margriet haar verbeel dat sy sien 'n „werklike”, reële verskyning binne die wêreld van die verhaal.

'n Interessante variasie van hierdie tegniek tref ons aan in „Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil”. Die sentrale karakter in hierdie dwaalstorie is naamlik nie in staat om die (hierdie keer werklik) bonatuurlike betyds te herken nie.

In „Die vaal koestertjie” word die twee wêrelde, dié van die natuurlike en dié van die bonatuurlike, onderskeidelik gesimboliseer deur die lig en die donker. Nampti word 'n leeu as dit donker is, maar in die dag of in die lig is sy 'n gewone Boesmanmeid. Interessant dat die tegniek om die bonatuurlike met die nag te assosieer en die werklike (of natuurlike) met die dag ook elders

in Marais se verhale voorkom – dink byvoorbeeld aan Margriet se besoek aan „die toneel van haar nagtelike avontuur in die daglig” (Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie, bl. 47), of die „koue, helder oggend toe dr. De Ridder en sy bediende, Tarries, na die klein strand van Silwersand loop om die plek by daglig te bekyk waar die ontmoeting met die ‚spook’ die vorige nag plaasgevind het” (Die huis van die vier winde, bl. 161). So word die funksionele kontras tussen die „reëele” en die „nie-reëele” in Marais se vertellings gedemonstreer.

Die verskil tussen die „Dwaalstories” en die res van Marais se verhale is o.a. daarin geleë dat die bonatuurlike in die „Dwaalstories” tot die werklike van die verhaalwêreld behoort, terwyl ons in die ander verhale dinge aantref wat kwasië-bonatuurlik is – om as ’n soort aksentuering van die „werklike” gegewens te dien. So kan ons „Die reënbul” tipeer as die verhaal van ’n meisie, Nampti, wat moes leer om die „realiteit” van die bonatuurlike te aanvaar: dink byvoorbeeld aan die werf waaroor sy aanvanklik treur (Dwaalstories, bl. 29) en die „groot werf met nuwe strooihuise soos van ’n bruidegom” waarop sy uiteindelik aankom (bl. 32). Die bonatuurlike word dus gesien as van ’n hoër orde as die natuurlike.

In Marais se verhale met ’n meer beskaafde ruimtelikheid tref ons egter slegs die kwasië – bonatuurlike aan – om te kontrasteer met die „werklike”, dus die geloofwaardige, van die verhaal. In hierdie verhale word die skynbaar bonatuurlike dan ook dikwels as’t ware ontmasker. So vind dr. De Roubaix se vertelling in „Die huis van die vier winde” sy ontstaansgrond in ’n gesprek oor die bonatuurlike (Die huis van die vier winde, bl. 7). Aan die einde van die verhaal word egter ’n „natuurlike” verklaring vir die gebeure aangebied – meer nog, ’n „bevredigende uitleg vir ‚spoke’ en soortgelyke verskynsels” (bl. 21). Ook die verteller van „Isaak Slik” verklaar dat hy „daar vas van oortuig is dat die skyn van bonatuurlikheid in werklikheid ’n baie gewone, natuurlike grondslag het” (id., bl. 22). In „Die spookbul van Farellone” word die skynbaar bonatuurlike van die verhaal reeds in die titel aangedui. Dit verwys na die natuurlike bygeloof omtrent die „groot, swart buffel Ra-di-Nari” (id., bl. 59) – wat deur Magalape as verklaring vir

die dood van Mawane aangegee word. Weer word die funksie van hierdie gegewe binne die verhaalwêreld pragtig in 'n enkele sin geïmpliseer: „Sy verklaring was te kinderagtig wanneer 'n mens dit met die werklikheid ¹⁾ vergelyk wat ons die oggend self beleef het om ons anders as belaglik voor te kom". (*ibid.*) Aldus word die „natuurlike" verklaring wat later deur die verhaal self aangebied word, minder „belaglik" gemaak.

Die droom vervul dikwels in Marais se vertellings die rol van 'n soort teenhanger vir die werklike en die ware van die verhaalwêreld. 'n Mooi voorbeeld hiervan vind ons in „Salas y Gomez". In hierdie verhaal word droom en werklikheid (of waarheid) telkens teenoor mekaar gestel. Hendrik dink op bl. 81: „Kan dit alles waar wees? Kan sy drome so verwesenlik word?" Drie paragrawe verder word droom en werklikheid weer met mekaar in verband gebring: „Dit was 'n droom waar daar geen ontwaking of ontugtering was nie. Die wesenlikheid gaan al sy verwagtings ver te bo." En net op die volgende bladsy lees ons: „Nooit het hy gedroom dat 'n menslike liggaam so volmaak kon wees nie !" 'n Entjie verder staan daar: „En sy vroeër droom ... het 'n wesenlikheid geword van veel meer genot en liefdevolle vreugde as sy droom ooit was". Weer word die droom gestel teenoor die „wesenlike" van die verhaal self. 'n Hele paragraaf word vervolgens hieraan gewy:

„Dikwels het 'n gevoel by hom opgekom dat dit alles slegs 'n droom was ... Dikwels het hy in die nag wakker geskrik, dan het hy haar saggies aangeraak ... Hy moes hom op dié wyse verseker dat alles waar is" (Die huis van die vier winde, bl. 82 - 83). As Hendrik daarvan bewus word dat sy weg van die lys na onder afgesny is, staan daar: „.... stadig het dinge net soos die gewaarwording in 'n aaklige droom vir hom klaar geword" (*id.*, bl. 93).

Deel van sy gewaarwordinge as vasgekeerde was „.... die betwyfeling van die werklikheid van wat gebeur het; selfs sy teenswoordige omgewing het 'n onuitlegbare skyn van onwesenlikheid aangeneem. Dit was asof hy in 'n droom beweeg - 'n aaklige droom wat hy tevergeefs probeer afskud" (*id.*, bl. 96).

1) Onderstreping van my.

Let op die veelseggende gebruik van die woorde „skyn” en „asof” in hierdie aanhaling.

Hendrik droom uiteindelik letterlik tydens sy verblyf op die rotslys (kyk bl. 108 e. v.). Die woord „droom” kom ons nog een keer teë as ons lees dat Hendrik die handelinge om die groot rots in die diepte af te gooi, verrig „... asof hy in 'n droom werksaam is” (bl. 121).

Die verbeeldingsvlug word eweneens soms deur Marais aangewend as teenstelling vir die werklike (en die ware) van die verhaalwêreld. Hendrik se gesig van Willem Prinsloo op pad na Môreson laat die „gruwelikste gedagtes deur sy verbeelding sweef” (Die huis van die vier winde, bl. 120).

Ons kan hierdie werkwyse van Marais miskien die beste illustreer aan die hand van voorbeelde uit „Die vliegende Hollander”. Op bl. 162 - 163 kom ons twee verbeeldingsvlugte van dr. De Ridder teë (kort nadat hy gewonder het of 'n plegtige verklaring van Tarries „'n verbeeldingstoer of 'n leuen” was). In die eerste sien hy „duidelik die magtige uitgestrektheid van ysberge ... wat statig noordwaarts seil. ...”. In die tweede „sien” hy die vergaan van „De zeven Maagden”. En dan lees ons: „Uit sy diep bepeinsing word dr. De Ridder tot die teenswoordige werklikheid teruggeroep ...”, m. a. w. tot die „werklikheid” van die verhaalwêreld waarvan hy deel vorm.

Iets soortgelyks het ons in die „vleuelvaart van grou tonele” wat deur dr. De Ridder se „herinnerende verbeelding (skiet)” as hy weer op die stoep van Zuiderzicht staan (Die huis van die vier winde, bl. 179 e. v.). Weer word hy teruggeroep tot die „teenswoordige werklikheid”: „Maar voordat die besonderhede dié keer helder word, het die peinsende toeskouer met die hede te doen” (id., bl. 180). Van groot-tante Van der Poel lees ons dan: „Sy is ouderwets genoeg om self ook 'n verbeeldingsbeeld uit die lang verlede te wees ! ” (ibid.), wat sy dus by implikasie nie is nie. Waar sy tydens De Ridder se eerste besoek kon verklaar: „In stormweer is dit maklik vir die menslike verbeelding om gedaantes te voorskyn te roep” (id., bl. 169), wys De Ridder haar en daarmee ook die leser daarop: „... dat dié keer daar geen moontlikheid van verbeelding kon gewees het nie” (id., bl. 181).

Van die aanwending van die verdigsel as agtergrond vir die „werklike” en die „ware” van die verhaal kan ons ook voorbeelde uit „Die vliegende Hollander” neem. Ek dink hier byvoorbeeld aan Pedro se verhaal van die „stemme” (Die huis van die vier winde, bl. 192 e. v.). Dr. De Ridder „... weet dat dit absoluut nutteloos is om te probeer om hom te oortuig dat daar in die werklikheid geen „stemme” bestaan nie” (id., bl. 193). Maar ook die motief van die „vliegende Hollander” self is natuurlik in hierdie verband van belang: ook dit dien as 'n soort teenhanger vir die verhaal van die werklike „spookskip”, nl. „De zeven maagden”: „In sommige van die later dokumente verskyn vir die eerste maal die benaming van die skip: „Die vliegende Hollander”, waarskynlik omdat die ware naam van die vergane skip, „De zeven maagden”, toe al vergeet was” (id., bl. 155).

Daar is ook die „storie van later gebeurtenisse in verband met die familie, soos dit in volkstradisies voortgelewe het” (id., bl. 156), waarvan ons lees dat dit „verward onwaar en dikwels lasterlik was”, met daarteenoor „dr. De Ridder se storie wat meestal uit offisiële dokumente geneem is” en waarvan hy in die voorwoord opmerk „... dat die waarheid in so 'n geval van die uiterste belang is” (ibid.).

In „Die leeus van Magoeba” tref ons 'n enkele keer hierdie soort kontras aan – hoewel hierdie keer baie minder opsigtelik as byvoorbeeld in „Die vliegende Hollander”. As Magoeba die „storie” vertel „van al die ellende wat hy te verdure het”, lees ons: „Waar hy te kort skiet, aanvaar dadelik een van die raadsmanne die verder geskiedenis totdat Mogali-di-Tao 'n aan-eenskakeling van verskrikkinge verneem het, waarvoor 'n groter held as selfs hy geneig sou wees om terug te deins” (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 24). Die woord „geskiedenis” het hier nogal 'n ironiese klank.

In „M'vubu (die seekoei)” is daar die „opgemaakte storie” van O'Brien en Husting (id., bl. 42); in „Diep Rivier” verklaar Boy dat hy „... nie gere-delik 'n kinderstorie as waarheid sal aanneem nie” (id., bl. 107); in „De boom in het midden van den hof”, verklaar eerwaarde Scalinge, die geïntegreerde hoorder van Stoffel Seebul se vertelling: „... ek is te oud om vermaak te skep

uit towerstories" (id., bl. 153). Dit is alles voorbeelde van die soms nogal heel vernuftige wyse waarop Marais telkens sy „storie" teenoor 'n ander „storie" of verdigsel stel.

12.

FIKSIE AS GESKIEDENIS

Die aanvangsinne van „Isaak Slyk” lui so:

„Die volgende geskiedenis is tot in die kleinste besonderheid waar.

„Ek sê dit by wyse van inleiding, nie omdat – soos skrywers dikwels doen – ek verlang om aan fiksie die skyn van geskiedenis te gee nie”
(Die huis van die vier winde, bl. 22).

Dat dit egter inderdaad heel dikwels vir Marais daarom gaan om „aan fiksie die skyn van geskiedenis te gee”, is reeds by 'n oppervlakkige beskouing van sy vertellings duidelik. Daar is naamlik in sy verhale 'n opvallende strewe om aan die fiktiewe die voorkoms van geskiedenis te gee.

Hierdie verskynsel moet eweneens verklaar word vanuit die opvallende strewe na geloofwaardigheid waardeur die skrywer se werk gekenmerk word.

Dekker merk met betrekking tot Die huis van die vier winde op:

„Hy maak ernstig werk van sy historiese agtergrond en lokale kleur, wat, net soos by Leipoldt, die indruk van waarheid versterk” (Afrikaanse Literatuur-geskiedenis, bl. 120). Hiermee is reeds een van die tegnieke aangedui waardeur Marais aan sy vertellings die skyn van geskiedenis verleen. Hy sorg naamlik daarvoor dat sy vertellings deurspek word van historiese gegewens en verwysings. Die fiktiewe elemente in sy vertellings word aldus dikwels vermeng met die histories bekende. So is die Du Roubaixs van „Margriet van Laastelust” 'n „Hugenoot-familielie” (Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie, bl. 2). 'n Reis na Europa was „in dié dae . . . seldsaam en ongewoon” (bl. 3). In hierdie verhaal vind ons origins verwysings na die volgende historiese gegewens: „die Napoleontiese omwentelinge in Europa” (bl. 4); „die inkom van Franse skepe en 'n Franse besetting aan land, . . . die Engelse oorname, met allerlei oproerigheid in die onderveld, met Graaf-Reinet as sentrum, waar selfs 'n resolutionêre republiek op Franse model gestig is” (bl. 19); „Sy Edele die Groot-Kommissaris De Mist” (bl. 22); „die teruggawe aan die Prins van Oranje” (bl. 32); „die ossewa . . . wat later so 'n groot rol in die geskiedenis van Suid-Afrika moes speel” (ibid.).

Die twis tussen oom Hendrik en oom Doors in „Die wegraak van Sannie“, waardeur hulle kinders se huweliksplanne aanvanklik in die wiele gery is, vind sy ontstaansgrond in „een van die groot kerkgeskille wat van tyd tot tyd ons land geteister het“ (Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie, bl. 92).

Ook „Die huis van die vier winde“ bevat sulke historiese gegewens. Daar is byvoorbeeld die volgende verwysings: na „Jan Valentyn, die beroemde veldkorret van generaal Potgieter“ (Die huis van die vier winde, bl. 9), na die „gruwelike Janse-moord“ (*ibid.*), en na die feit dat Willem Prinsloo 'n „Voortrekkerseun“ was (bl. 16). Van die Janse-moord as historiese gebeurtenis (?) lees ons meer in Sketse uit die lewe van mens en dier (bl. 52 e. v.)

Die intrige van „Isaak Slyk“ wentel om die geld wat „die ou heer Petrus Fourie“ op Gannapan weggesteek het. Aanleidende oorsaak tot hierdie optrede van hom was dat „die Engelse oorlog“ uitgebreek het en hy en sy seun gekommandeer is (bl. 26). Verder vind ons ook nog 'n verwysing na die beleg van Mafeking (bl. 27) in hierdie verhaal.

Ook kolonel François de Ville, die speurder van „Die spookbul van Farellone“, word met die Tweede Vryheidsoorlog in verband gebring as ons verneem: „Hy was nog maar 'n baie jong seun toe die tweede Vryheidsoorlog uitbreek en nieteenstaande ouerlike ... teenstand, het hy met die eerste kommando uit sy wyk saamgery“ (bl. 33).

So word aan die fiktiewe in Marais se vertellings die voorkoms van geskiedenis, dus van sg. outentisiteit, verleen.

Die hoofkarakter van „Salas y Gomez“ word in die aanvangsin „die Voortrekker, Hendrik du Preez“ genoem (bl. 73). Twee paragrawe verder word hy weer getipeer as „hierdie stoere ou Voortrekker“. Hy het dan ook „... ál die grootse gebeurtenisse van die Voortrekkergeskiedenis deurgegaan“ (bl. 73). Verder verneem ons dat hy en sy eggenote altwee ontkomelinge uit die Bloukransmoord was (bl. 74). Op bl. 76 word die gebeure in die

onderhawige verhaal vergelyk met „die wonderlike dinge” wat die Voortrekkers deurleef het. So lê Marais telkens 'n verband tussen die fiktiewe elemente in sy vertellinge en die histories bekende.

Die tweede afdeling van „Die vliegende Hollander” bevat 'n verslag omtrent die vergaan van 'n skip in die nabyheid van Silwersand. Hierdie verslag kom uit die pen van Olof Bergh, „vroeër in diens van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie” (bl. 146). Dit word gelewer aan die goewerneur van „de Cabo Esperance”. Interessant dat 'n nog ouer naam van die Kaap, t. w. „Cabo de los Tormentos”, ook in hierdie verhaal voorkom (bl. 172). 'n Laaste verwysing na die histories bekende in dié verhaal is dié na die sluipmoord op Spencer Perceval in 1812 (bl. 191).

Afgesien van die feit dat die verhaal van „Die leeus van Magoeba” in 'n sub-opskrif eksplisiet as „'n Historiese voorval” bestempel word, is die hooffiguur in hierdie verhaal die histories bekende natuurlekaptein, Magoeba.

In „M'vubu (die seekoei)” dra 'n historiese mededeling soos die volgende eweneens daartoe by om aan fiksie die skyn van geskiedenis te verleen: „Die streek is vroeër deur Shangaans bewoon, sodat die meeste plaasname Zoeloe is. Die teenswoordige bewoners is afstammelinge van die vroeëre jagtervolk wat die blanke woestynjagters altyd vergesel het” (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 32 - 33). Ook hierdie verhaal bevat verwysinge na Magoeba (bl. 47 e. a. p.).

Gool Winterbach, die hoofkarakter van „Afrikanerbeeste”, word eweneens in verband gebring met die histories bekende. Hy was naamlik „die beroemdste verkenner in ons noordelike kommando's gedurende die laaste oorlog” (bl. 62). Die „laaste oorlog” waarvan hier sprake is, word in Uit die verhaalskat van Eugène Marais in 'n voetnoot nader aangedu as „die Transvaalse Onafhanklikheidsoorlog” (bl. 101). Selfs Stoffel Seebul van „De boom in het midden van den hof” vertel dat hy „by een van die uitlander-eenhede aangesluit het toe die laaste Vryheidsoorlog uitgebreek het” (Die leeus van Magoeba en ander verhale, bl. 154). Ook hy, as gedramatiseerde verteller,

verwys na die histories bekende: die vervolging van die Armeniërs deur die Turke (bl. 155). Die verteller van „Die winde uit die woestyn” verwys op sy beurt weer na „die oorlede vors van Saar, Nasr ed din” (bl. 198), 'n naam wat sterk herinner aan die persoon wat tussen 1848 en 1896 sjah van Persië was¹⁾.

Laramie, wat in Laramie, die wonderwerker tydelik as verteller optree, verleen aan sy vertellinge die skyn van geskiedenis deur te verwys na histories bekende figure soos Houdini (bl. 20), Sint Antonius (bl. 23), Paracelsus (ibid.), Maria Therese (ibid.), Flammarion (bl. 27), Cesare Lombroso (ibid.), Giovanni Schiaparelli (ibid.), die Hertog van Connaught (bl. 34), Thomas Alva Edison (bl. 36) en Joseph Smith (bl. 39).

Die gebeure in „Die droomlewe van Donau Winterbach” (Laramie, die wonderwerker, bl. 103 e. v.) het nog eens die Anglo-Boereoorlog as epiese ruimte. Ook hierdie fiktiewe karakter beweeg dus teen 'n geskiedkundige agtergrond wat, vir die Afrikanergehoor vir wie die vertelling eintlik bedoel was, uiters bekend en relevant was. Marais haal sy geskiedkundige gegewens by voorkeur uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis – om daarmee die maksimum aansluiting by sy gehoor te vind.

In „Merkwaardige verhaal van 'n verlore seun” (Laramie, die wonderwerker, bl. 132 e. v.) het ons 'n mooi voorbeeld van hoe Marais die histories juiste en die fiktiewe op 'n funksionele wyse deureen laat loop as hy verklaar: „Terwyl ek op Rietfontein as spesiale vrederegter diens gedoen het, het in ons onmiddellike omgewing vyf gevalle voorgekom waar kinders ... verdwyn het (bl. 133).

Die intrige van „Die man met die mantel” (Laramie, die wonderwerker, bl. 141 e. v.) is op sy beurt weer verweef met „die beleg van Pretoria in die oorlog van 1880”, d. w. s. die Eerste Vryheidsoorlog (bl. 141).

Die „historiese elemente” in Marais se vertellinge is egter nie altyd egte geskiedenis nie. Hy wend soms pogings aan om ook aan die kennelik fiktiewe die skyn van geskiedenis te gee.

1) Vgl. Encyclopaedia Britannica, Chicago, London, Toronto 1962, bl. 125).

Naas egte figure uit die geskiedenis, tref ons dikwels in sy vertelling figure aan wat slegs skynbaar van historiese belang is. Hy stel dikwels sy karakters voor as geskiedkundige figure. Iets daarvan het ons reeds in „Die wegraak van Sannie” as ons in die eerste sin meegedeel word dat Sannie „later 'n groot rol in groot sake gespeel het” (Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie, bl. 87). Ook wanneer Riet-alleen-in-die-Roerkuil in „Klein Riet-alleen-in-die-Roerkuil” aangedui word as „die eerste boodskapdraer by Gammadoekies verkry hy daardeur iets „geskiedkundigs” (Dwaalstories, bl. 9). Krom Joggom Konterdans van „Die lied van die reën” was insgelyks „eerste” met iets: hy het die eerste viool met vier snare gemaak (bl. 14).

Oom Groot Hans van „Die brief van Nooitgedacht” word terloops as 'n geskiedkundige figuur voorgestel as hy „die ou Voortrekker” genoem word (opgeneem in Die stem van die storieverteller, bl. 68).

Ook Dora Cameron van „Die huis van die vier winde” is kwasi-geskiedkundig: „Julle sal almal die verbasende vreesloosheid onthou wat sy later in die oorlog getoon het” (Die huis van die vier winde, bl. 9).

Oreade Hansen, van „Isaak Slyk”, is, net soos Krom Joggom Konterdans en Riet-alleen uit die „Dwaalstories”, van „historiese” belang omdat sy eerste was in 'n sekere opsig: „Sy was die eerste meisie wat eerste in die hele Suid-Afrika in die B. A. -eksamen gestaan het” (Die huis van die vier winde, bl. 23).

Kolonel Francois de Ville, die speurder van „Die spookbul van Farellone”, is ook so 'n kwasi-historiese figuur: „Dit is natuurlik histories bekend hoe gou hy vir hom in die groot worstelstryd 'n naam as verkenners verwerf het, totdat van hom byna net so dikwels in die Engelse oorlogsberigte melding gemaak is as van die groot Boere-generaal onder wie hy gedien het” (Die huis van die vier winde, bl. 33).

Hendrik du Preez, die hooffiguur van „Salas y Gomez”, word, soos oom Groot Hans in 'n vroeër verhaal, bestempel as 'n „Voortrekker” (Die huis van die vier winde, bl. 73).

In „Die vliegende Hollander" word, by wyse van afwisseling, gebruik gemaak van 'n „argiefstuk". Die verslag van Olof Bergh aan die Hollands-Oos-Indiese-Kompanjie moet help om aan die verhaal die skyn van geskiedenis te gee (Die huis van die vier winde, bl. 146 e. v.) Ons vind 'n woordelikse weergawe daarvan in die verhaal totdat „die toestand van die dokument dit wenslik (maak) om die vervolg van die verhaal kortliks in Afrikaans oor te vertel. . . . " (bl. 149).

BIBLIOGRAFIE

1. BOOTH, WAYNE C.: The Rhetoric of Fiction ⁸, Chicago, 1968.
2. BOTHA, T. J. R. EN VAN DER WALT, P. D.: Uit die verhaalskat van Eugène Marais ², Pretoria, 1966.
3. DEKKER, G.: Afrikaanse Literatuurgeskiedenis ⁵, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1960.
4. DU RANDT, W. S. H.: Eugène Marais as Prosaïs in die reeks „Monografieë uit die Afrikaanse Letterkunde", nommer 11, Nasou (uitgewer), s. j.
5. DU RANDT, H. (samesteller): Die stem van die storieverteller, verhale van Eugène N. Marais, Pretoria, 1970.
6. BEUKES, G. J. EN LATEGAN, F. V.: Skrywers en rigtings ⁴, Pretoria, 1961.
7. MARAIS, EUGÈNE N.: Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie, Kaapstad, Stellenbosch, Bloemfontein, Pietermaritzburg, 1922.
8. MARAIS, EUGÈNE N.: Dwaalstories, Kaapstad, 1959.
9. MARAIS, EUGÈNE N.: Sketse uit die lewe van mens en dier, Kaapstad, Stellenbosch, Bloemfontein, 1928.
10. MARAIS, EUGÈNE N.: Die siel van die mier, tweede uitgawe, Pretoria, 1971.
11. MARAIS, EUGÈNE N.: Burgers van die berge, tweede uitgawe, Pretoria, 1971.
12. MARAIS, EUGÈNE N.: Die huis van die vier winde ⁸, Pretoria, 1964.

13. MARAIS, EUGÈNE N.: Die Leeus van Magoeba en ander verhale³, Pretoria, 1937.
14. MARAIS, EUGÈNE N.: Laramie, die Wonderwerker, Johannesburg, 1950.
15. MARAIS, EUGÈNE N.: 'n Paradys van weleer en ander geskrifte, Kaapstad, Pretoria, 1965.
16. NIENABER, P. J.: Eugène Marais, die groot eensame, Johannesburg, 1951.

SAMEVATTING

Daar is in Marais se prosakuns 'n opvallende strewe na geloofwaardigheid. Die rede hiervoor is o. a. geleë in die sonderlinge gebeure waaroor hy dit gewoonlik in sy prosawerk het. Die doel van hierdie studie is om die tegnieke na te spoor wat Marais aanwend om hierdie sonderlinge gebeure 'n „waarheidsklimaat" te gee.

Die eerste van hierdie tegnieke bestaan daarin dat die verteller self, of karakters in die vertelling, dikwels die gebeure as uitsonderlik tipeer. Hierdeur word 'n reaksie van ongeloof by die leser reeds enigermate onderskep.

Marais se vertellers is nie net openhartig nie - hulle is ook eerlik. As die verhaalmateriaal waarmee 'n skrywer werk nie inherent geloofwaardig is nie, is dit begryplik dat hy daarna sal strewe om twyfel omtrent die geloofwaardigheid van sy verteller uit die weg te ruim.

Marais se vertellers is ook nugter. 'n Mens is meer geneig om 'n eienaardige storie te glo as dit kom van iemand wat die indruk maak van nugterheid.

'n Ander tegniek wat Marais in sy verhaalkuns aanwend ten einde die geloofwaardigheid daarvan te verhoog, is om gebruik te maak van 'n intelligente en/of geleerde en/of wetenskaplike verteller. Ten einde die geleerdheid van sy vertellers te demonstreer, lê Marais hulle periodiek 'n „geleerde" woord of kultuurwoord in die mond.

Verder stel Marais telkens vertellers aan die woord wat self oor- en/of ooggetuies van die gebeure is of was. Die gebeure word dan ook dikwels getipeer met begrippe uit die wêreld van die drama. Binne sy verhaalwêreld is daar ook gereeld ander karakters wat optree as sulke getuies. Ook hierdie getuies is gewoonlik nugter en intelligent.

Marais verleen ook aan sy vertellings die skyn van geskiedenis deur die fiktiewe elemente daarin te vermeng met die histories bekende of die kwasie-historiese.

Die gebeure in Marais se vertellings word soms binne die verhaalwêreld gestel teenoor die bonatuurlike, die droom, die verbeeldingsvlug of die verdigsel. Hierdeur verkry die fiktiewe van die verhaal die voorkoms van werklikheid (dus van waarheid).

Ons tref in Marais se vertellings talle sonderlinge karakters aan. Die merkwaardige van sy verhaalstof veronderstel as't ware sulke merkwaardige figure - 'n mens sou kwalik kon glo dat sulke merkwaardige dinge met onbeduidende mense kan gebeur.

CREDIBILITY AS EPIC PRINCIPLE IN THE PROSE WORKS OF

EUGÈNE N. MARAIS

Abstract of an M. A. thesis, presented at the Potchefstroom
University for C. H. E. by M. J. Prins. January, 1973

There is a pronounced effort towards credibility in Marais's prose works - often even somewhat too marked. The reason for this is, among other things, the singularity of events depicted in these works.

These events are often characterised as exceptional by the narrators themselves - a procedure by which a reaction of disbelief is somewhat counter-acted.

The characters in Marais's narrations are sometimes equally exceptional, the exceptional nature of the narrative matter presupposing such characters - in order to appear credible.

Events in Marais's narrative prose are often typified by dramatical concepts, thus creating the impression that the narrator himself was present and acted as spectator. This stylistic feature thus also serves to create an atmosphere of credibility.

For the same reason Marais more often than not uses a very honest and truthful person as narrator, whose levelheadedness is very conspicuous in the wonderful tales.

Another technique used by Marais to increase the credibility of his stories, is that of using an intelligent and/or learned and/or scientific narrator. This also explains his tendency to give "scientific" explanations for the events. The erudition of these narrators is then demonstrated by making them use "learned" or "cultural" expressions or words. Apart from this they also act as eye and ear- witnesses in the events they are telling about.

But in his fictional world we also find one or more of the characters (other than the narrator) acting as eye and ear- witnesses. They, too, are generally very intelligent and sober.

Flights of imagination, dreams, the supernatural and integrated pieces of "fiction" are often used in contrast to the "reality" in a particular tale, in order to create the impression that the fictitious elements of the story are in fact real.